

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 9, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2009 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Geestesoorlog!

Agter die skerms van die belangrikste wêreldgebeure – wat egter alle wêreldgebeure en maatskaplike bewegings totaal *deurdrenk* – is die feit dat daar 'n werklike *oorlog deur geeste* gevoer word om beheer te verkry oor die mensdom se harte en verstande. Selfs die meeste belydende Christene kan nie eens begin om te besef *hoe werklik* hierdie oorlog is nie! Onthou dat Jesus aan die einde van Sylewe aan Sy dissipels gesê het: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die **owerste van hierdie wêreld** kom en het aan My niks nie” (Johannes 14:30). Want, die owerste – of, soos die *King James Vertaling* dit stel, “prins” – van hierdie wêreld was inderdaad besig om in die persoon van Judas Iskariot Christus te probeer vernietig.

Jesus konstateer: “Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Johannes 12:31). Satan word ook genoem “die *owerste* van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efesiërs 2:2). Ja, Satan en sy demone “werk”. Hulle word *nooit* moeg nie. Hulle hou *nooit* op nie.

Ek bid dat almal van u, geagte lesers, sal begin verstaan dat Satan die duivel daarop uit is om *elke laaste oorblyfseltjie* van ware Christelikheid **te vernietig**, veral in die hedendaagse nasies wat van antieke Israel

afstam! Soos lesers wat ons tydskrif lankal reeds lees verstaan, voel ons in hierdie Werk dat die “hoofstroom Christendom” nie werklik die grootste deel van die Bybel verstaan nie. Dit is duidelik vir diegene wat die Bybel werklik met 'n oop gemoed en verstand *bestudeer*. Die bese Satan wil egter selfs daardie laaste deeltjie van ware Christelike lering en menslike ordentlikheid vernietig wat nog in die “hoofstroom Christendom” bestaan – of in *enige* soort belydende Christelikheid!

Ons is egter aan die vooraand van 'n werklike “Geestesoorlog” – en die *voorlopers* van daardie oorlog is alreeds in aantog. Die apostel Johannes was geïnspireer om ons te vertel van 'n tyd wat voorlê – na aan die **einde** van hierdie tydvak – toe daar “oorlog in die hemel gekom [het]”. Hy beskryf hoe Satan die duivel terug gegooi moes word na die aarde – “die ou slang wat genoem word duivel en Satan, wat **die hele wêreld verlei [mislei]**, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp”. Toe was “die aanklaer van ons broeders ... neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag”. Die mense van hierdie wêreld word gewaarsku, “**wie** die bewoners van die aarde en die see, want die duivel het na julle neergedaal met *groot woede*, omdat hy weet dat hy **min tyd** het” (Openbaring

12:7-12).

Dink!

Satan weet dat die Verenigde State – in een opsig – die “laaste bastion” is vir mense om algehele godsdienstvryheid te hê, asook die vermoë om dit oor die radio, televisie en deur ander media te verkondig. Hy haat die nasie se agting vir *enige* soort Christelikheid, en hy lei 'n hele “koninkryk” – insluitend *tallose demone* – ten einde sy vernietigende doel te bereik!

In die boek van Daniël beskryf God “geestesoorloë” wat dikwels *agter die skerms* gevoer word – maar wat nogtans die sake van baie nasies **kragtig** beïnvloed. Terwyl Daniël God met sy hele hart gesoek het, het God 'n engel gestuur om hom te bemoedig en in te lig. *Satan het nie hiervan gehou nie* – dus het hy *demone* gebruik om God se boodskapper te probeer verhinder. Daniël beskryf hierdie geveg in Daniël 10:12-14. Wanneer God se engel opdaag, het hy aan Daniël gesê: “Die engel van die Persiese ryk het my een en twintig dae lank teruggehou, maar toe het Migael, een van die vernaamste engele, my te hulp gekom en ek was nie meer nodig teen die Persiese konings nie” (vers 13 NV). 'n Bietjie later het God se engel aan Daniël openbaar: “Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet dan nou teruggaan om te veg met die vors van die Perse; en as ek heengegaan het, kyk, dan kom

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Geestesoorlog!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Amerika se laaste dae? **3**

U hele toekoms is op die spel! Dit word nou beïnvloed deur magte buite u beheer. U behoort te verstaan!

Die helder lyn **9**

Regslui beskryf die “helder lyn-reël” as 'n duidelike standaard, afgelei van objektiewe feite, wat geen ruimte laat vir dubbelsinnigheid of interpretasie nie.

Nkosi Sikelel' iAfrika **13**

Ek was vroeër verlede jaar, op die dag van hul nasionale verkiesing, in Suid-Afrika.

Hemel, Hel en die Opstanding **16**

As predikant wat deur die jare begrafnisse gelei het, het ek baie weduwees, wewenaars en ander oorblywende gesinslede vertrous gesien deur die waarhede in hul Bybels – hulle weet God se woord belowe dat hulle geliefdes weer uit die dood opgewek sal word.

“Een klein treetjie vir die mens...” **20**

Wat is ons plek in die heelal op die 40ste herdenking van die mens se eerste tree op die maan?

Gereeld

Vrae en Antwoorde **23**

Profesie neem gestalte aan **24**

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besigheidsbestuurder

J. Davy Crockett, III

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (061) 8 8383 6288

Faks: (061) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 2B9

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Amerika se laaste dae

Deur Roderick C. Meredith

U hele toekoms is op die spel! Dit word nou beïnvloed deur magte buite u beheer. U behoort te verstaan.

Ons weet almal dat mense graag die gek skeer met “doemprofete”. Dit is tog sekerlik beter om na die ligte kant te kyk en te probeer om positief oor die lewe te wees. Dinge gaan *normaalweg* beter so – ten minste op die korte duur.

Goed so.

Ons *behoort* te leer om positief oor die lewe te wees. Daar is mos 'n wonderlike “groot *doel* en **beplanning**” wat hier op aarde uitgewerk word, soos Sir Winston Churchill se bekende gesegde gesê het. Baie min mense verstaan die ontsagwekkende *doel* waarvoor ons almal lewe en asem gegee is. Daardie doel het groot betekenis – en behoort aan elke wonderlike *bemoediging* te bied wanneer hulle begin verstaan en hul ware doel begin vervul.

Daar is egter *tans* diep krake in ons hele samelewing. Die hewige verskuiwing *weg* van tradisionele moraliteit en welvoeglikheid vind grootskaals plaas. Ons lees daagliks van die hoogste politieke leiers en bestuurshoofde van besighede wat lieg, steel, “bedrieg” met hul inkomstebelasting, “buite-egtelike verhoudings” het en hulle verlustig in allerhande soorte skelmstreke. Ons sien dat die hoofstroom media byna “druk uitoefen” om tradisionele gesinswaardes af te breek,

asook so-te-sê elke ding wat ons in die verlede as normaal en ordentlik beskou het. Toenemende klem op die “regte” van perverte en afwykendes word in ons kele afgedruk, op so 'n wyse wat absoluut *skokkend* sou gewees het selfs 15 of 25 jaar gelede! Nogtans leer ons duidelik uit bykans 6 000 jaar se aangetekende geskiedenis dat die tradisionele gesinseenheid – een man en een vrou – *nog altyd* die hoeksteen van 'n ordentlike samelewing was. Elke nasie en elke samelewing wat hierdie maatstaf verwerp het, het **ten gronde** gegaan.

Indien daar 'n ware God is – 'n Geestelike Persoonlikheid wat die heelal geskep het en nou daaroor heers – wat sou *Hy* van dit alles dink? Nog die belangrikste van alles, wat gaan *Hy* daarom **doen**?

Baie min belydende Christene glo deesdae in die absolute gesag van die geïnspireerde woord van God, die Heilige Bybel. Hulle is nie bekend met die *ware God* wat die Bybel geïnspireer het en wat die hemele en die aarde geskape het nie. Hulle ken nie en verstaan ook nie die uitvoerige bewyse wat dui op God se *spesifieke ingryping* in Sy handeling met antieke stede en ryke in die verlede nie – presies soos *Hy* dit in Sy woord voorspel het! As gevolg van ons

ophopende sondes en ellendigheid is daardie einste ware God nou gereed om op 'n baie dramatiese wyse in te gryp in menslike sake – op 'n wyse soos wat dit nog nooit voorheen in die menslike geskiedenis ondervind was nie!

Hoe durf ek aanvaar dat ek weet wat God gaan doen? Wie gee hierdie armsalige ek die “reg om reg te wees”?

Wie?

Hoe kan ek seker wees?

Laat my verduidelik deur 'n paar **feite** aan u bekend te maak. Mag *God u help* om te luister! Dit is inligting wat *u eie lewe* oor die volgende paar jaar gaan raak.

As 'n jong seun wat grootgeword het in suidwestelike Missouri, geleef het in 'n tradisionele gesin en 'n “hoofstroom” Protestante kerk bygewoon het, het ek begin luister na 'n man by name Herbert W. Armstrong, wat gedurende die winter van 1944-45 oor die radio gepreek het. Selfs terwyl Duitsland besig was om vergruis te word deur Britse bombardering snags en Amerikaanse bombardering bedags (*die Britte* het radar uitgevind en was in staat om dit te gebruik), het mnr. Armstrong gesê dat – ten spyte van die klaarblyklike ondergang en nederlaag – Duitsland weer

sal opstaan en 'n verenigde Europa sal lei. Hy het *spesifieke* profesieë uit die Bybel aangehaal om te wys waarom dit sal gebeur – en hoe dit Amerika en Brittanje sal raak na aan die einde van hierdie tydperk. Later was ek in staat om Ambassador Kollege in Pasadena, Kalifornië by te woon, en het gehoor hoe hy letterlik *dosyne* Bybelse profesieë wat die oorhoofse “Meesterplan” wat God hier benede uitwerk, in meer besonderhede verduidelik – *spesifieke Bybelse profesieë* van wat gaan gebeur.

Na graduering in 1952, was ek in staat om saam met mnr. en mev. Armstrong en hul oudste seun, Dick Armstrong, na Engeland te reis om te help om die Werk aldaar te begin. Gedurende die somer van 1954 het ek saam met hulle na Belfast en daarna na Glasgow, Manchester en Londen gereis vir 'n reeks openbare vergaderings met ons radio-luisteraars. Mnr. Armstrong het die Britte kragtig en rondborstig vertel dat hulle hul behoort te **bekeer** van verbreking van God se wette en dat hulle moet terugkeer na die God van die Bybel – anders sal hulle die groot “seepoorte” wat God aan die Britse en Amerikaanse volke geskenk het, *verloor*. Hy het, onder andere, spesifiek melding gemaak van die Suezkanaal, Singapoer en die Straat van Malakka.

Mnr. Armstrong het voortgegaan om te **waarsku** dat – *tensy* hulle hul werklik bekeer het en na God gedraai het – die Britse Ryk “nie meer sal bestaan” nie! Hy het direk – in 1954 – die ondergang vooruit beskryf van

wat in werklikheid die *grootste* ryk was wat ooit in die menslike geskiedenis bestaan het! Die Romeinse Ryk kon – selfs op sy kruin – nie begin om vergelyk te word met die wêreldwye omvang van die Britse Ryk nie, wat ontsaglike groot dele van Afrika, Australië, Nieu-Seeland, Asië, die Midde-Ooste en Kanada beslaan het.

Dink! Mnr. Armstrong was besig om *geweldige groot aansprake* te maak oor spesifieke gegewens rakende sommige van die belangrikste nasies van die wêreld. Hoe kon hy, *baie jare vooruit, enigsins* weet dat sulke dinge gaan gebeur? Dit nogal op 'n tydstip toe *niemand anders* hierdie soort rampe voorspel het nie?

Dit het begin gebeur!

Twee jaar later is my vrou en ek na Londen gestuur om te help om die Werk daar op dreef te kry. Gedurende daardie einste winter van 1956-57 het die beroemde Suez-krisis plaasgevind. Beïnvloed deur die Amerikaanse Staats sekretaris, John Foster Dulles, het Amerika druk uitgeoefen op Engelse, Franse en Israelse valskermsoldate om te onttrek uit die Suezkanaal en om dit oor te gee aan die Egiptenare wat probeer het om dit van die Engelse af te neem. Die Engelse was *baie ontsteld!* Engelse vriende wat gewoonlik vriendelik was, sou aan my sê: “Jy weet, ons het jou nie vandag lief nie!” Hulle het probeer om ordentlik daarvoor te wees, maar hulle was *diep seergemaak*, hulle het *verraai* gevoel deur 'n

Amerika wat hulle gedwing het om een van die belangrikste “seepoorte” in die menslike geskiedenis, prys te gee – 'n lewensbelangrike deurgang wat groot invloed gehad het op militêre mag en internasionale handel.

Later sou Engeland ook beheer verloor oor Bab el Mandeb – die suidelike ingang tot die Rooisee, asook baie ander seepoorte, insluitende die Straat van Hormuz, wat nou erken word as van **uiterste belang** in die huidige Midde-Oosterse situasie. Nog 'n verlies was die beroemde Simonstadse seebasis in Suid-Afrika, wat die seeroete om die suidpunt van Afrika beheer. Verder was Singapoer en die Straat van Malakka ook weggeneem van onder Britse beheer. Mense wat Sjina deesdae dophou, weet dat die Straat van Malakka weereens dikwels in die nuus is as 'n seepoort van wesenlike belang in die magstryd en handelsaktiwiteite in ons huidige wêreld-ekonomie.

Amerika het ook sy paar seepoorte verloor, wat die toppunt bereik het met die Amerikaanse President Jimmy Carter se besluit om afstand te doen van beheer oor die Panamakanaal. Vandag is nog net twee noemenswaardige seepoorte onder Britse beheer – Gibraltar en die Falkland Eilande. Nogtans is dit elke maand in die nuus dat Engeland onder groot druk verkeer om afstand te doen van hierdie belangrike nasionale bates. Na jare van wêreldgebeure dophou, voel ek persoonlik dat binne 'n paar jaar

ten minste een van hierdie twee – indien nie albei nie – nie meer onder Britse beheer sal wees nie. Ek kan myself 'n opvolg-artikel sien skryf: “En toe was daar niks!”

Persone wat lank reeds die *Wêreld van Môre* lees, het moontlik al ons werklik insiggewende en onthullende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, gelees. Dit gee spesifieke bewyse wat toon waar die Amerikaanse en Brits-afstammende nasies inpas in Bybelse profesieë. Dit toon hoe die grote God aan hulle beheer oor daardie allernoodsaaklikste “seepoorte” in die **eindtyd** belowe het, maar ook voorspel het dat hulle daardie beheer sal verloor. Indien u nog nie hierdie boekie ontvang en bestudeer het nie, *kontak asseblief die Streekkantoor naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif)* of skryf aan ons vandag vir u eie kopie en die boekie sal heeltemal **gratis**, posgeld betaal, op u versoek aan u gepos word! U het werklik hierdie inligting **nodig!**

Net soos hy uit die Skrif getoon het wat sal gebeur met die seepoorte, het mnr. Armstrong ook gedurende die 1960s en 70s, in die openbaar gewaarsku dat, hoewel die beheer van die Sowjet-Unie oor die nasies van Oostelike Europa onwankelbaar voorkom, Bybelse profesieë aantoon dat *hulle sal wegbreek* – dat die Berlynse Muur *afgebreek* sal word en dat Duitsland weer sal herenig en die middelpunt van Europese mag sal word! Hoe kon daardie man moontlik enigsins dekades *vooruit* iets geweet het

van hierdie soort aardskuddende gebeure? *Niemand anders* het hierdie soort dinge geprofeteer of voorspel nie! Die veronderstelde alleswetende “nuusfundi's” het nie *een woord* vooruit gerep nie – want hulle het nie die spesifieke profesieë in die Bybel geken of verstaan nie!

Diegene wat egter geluister het na wat mnr. Armstrong uit die Bybel geleer het, het verstaan. Hulle was *vooruit* gewaarsku oor wat gaan gebeur! Ek onthou nog 'n onvergeetlike hoofartikel wat op 7 Desember 1989 in die *Free Press* van Hendersonville, Tennessee gepubliseer was: “Soos die meeste Amerikaners het ek die huidige politieke gebeure in Oos-Duitsland met belangstelling dopgehou. Terwyl baie hul verbasing oor die onlangse gebeure uitgespreek het en ook oor Oos-Duitsland se oproep tot die hereniging van Oos- en Wes-Duitsland, moet ek erken dat ek glad nie daarvoor verras was nie. Die rede waarom ek nie eintlik verras was nie is omdat ek jare lank so dan en wan die publikasies van ... wyle Herbert W. Armstrong ... gelees het ... Armstrong het voorspel dat die Berlynse Muur eendag afgebreek sou word en dat die twee Duitse state weer sou herenig in 'n magtige nasie”.

Waarom het mnr. Armstrong verstaan wat so baie ander predikers in gebreke gebly het om te verstaan? Hoe kon hy die besonderhede van hierdie profetiese gebeure so goed *voor die tyd* geken het? *Waarom* is die meeste hedendaagse predikers en godsdiensteleiers steeds feitlik “in die duister” oor die belangrike

profesieë wat reg voor hul oë hier op aarde uitgewerk word?

Hoe om te verstaan

Die “sleutel” tot die antwoord vind ons in Psalm 111:10: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lofbestaan tot in ewigheid”.

Alhoewel die *hele Bybel* gevul is met Skrifgedeelte na Skrifgedeelte wat dieselfde basiese feit aandui, toon Psalm 111 baie duidelik dat God begrip verleen aan diegene wat Sy gebooi **gehoorsaam!** In die Nuwe Testament lees ons die apostel Johannes se begrip van hierdie beginsel: “... en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, *omdat ons sy gebooi bewaar* en doen wat welgevallig is voor Hom” (1 Johannes 3:22).

Hierdie punt word baie duidelik gemaak in letterlik *dosyne* Skrifgedeeltes! **Indien** mense gewillig is om werklik te **doen** wat God sê – en ophou argumenteer en redeneer rondom God se duidelike opdragte om Sy gebooi en wette te gehoorsaam – dan *sal God hul gebede aanhoor* en hulle *sal baie meer antwoorde* op hul gebede ontvang. Hulle sal ook baie meer *insig* verkry in die Bybel, wêreldgebeure en in die *kragtige profesieë* wat nou hier in menslike sake uitgewerk word!

My vriende, met hierdie verskriklike *finansiële krisis* wat nou die hele wêreld affekteer en deur die ongeëwenaarde *morele omwenteling* wat ook die meeste van ons nasies raak, begin God om ons te *verootmoedig* en om

ons voor te berei vir die **finale gebeure van hierdie tydvak** – wat baie duidelik geprofeteer is. Ons vind dat ons leiers nou verskeie vorms van onsedelikheid feitlik op die Amerikaanse volk “afdwing”! Die bevordering van die sogenaamde “gay”-regte, die groeiende getal wette en regeringsbeleide wat maklike toegang tot aborsie bevorder (die **moord** op ongebore kinders!), die groeiende onbehoorlikheid van lasterlike en vulgêre taal op televisie en in ander media – dit alles en *baie meer* tekens *duidelik aan* dat die sedelike onderbou van ons gemeenskap, bietjie vir bietjie, stadig maar seker, vernietig word. Mag God elkeen van ons help om *wakker te word* voor dit te laat is!

Daar word nou deur baie wetgewers toenemend beperkende wetgewing voorgestel wat die vermoë om duidelik die waarhede van die Bybel te verkondig inkort, om dit meer en meer onmoontlik te maak vir ware predikante om God se opdrag te gehoorsaam: “Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En **verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes**” (Jesaja 58:1).

Die leiers van hierdie samelewing se “populêre opinie” – in die media, wetgewings en howe – sal meer en meer diegene wat daarna streef om tradisionele waardes hoog te hou asook die basiese sedelike en geestelike beginsels wat *nog altyd* die Amerikaanse

lewenswyse omskryf het, as die “slegte ouens” bestempel! Die Amerikaanse volk en die volke wat van die Britte afstam, is op 'n sedelike sleerit wat reg na die Groot Verdrukking lei! *Geen wonder* dat ons Skepper genoodsaak sal wees om ons volkeliefdevol te tugtig nie!

Teen die tyd dat dit gebeur, sal selfs baie “hoofstroom” Christene besef dat “iets sal moet meegee” – selfs al sou baie van hulle hul nog nie oorgegee het om die God van die Bybel ten volle te gehoorsaam nie.

Net 'n paar, selfs as sou hulle nog nie die volle waarheid ken nie, sal genoeg gesonde verstand hê om oor die algemeen te sien dat iets besig is om te gebeur. U mag moontlik die onlangse opmerkings van Billy Graham se dogter, Anne, gesien het toe sy gevra was hoe 'n liefdevolle God so 'n verskriklike tragedie soos die Orkaan Katrina kon toegelaat het. Hier is haar baie deurdagte reaksie: “Ek glo God is diep hartseer daarvoor, net soos ons almal is, maar vir jare al sê ons aan God om uit ons skole, uit ons regering en uit ons lewens te bly. Omdat hy die Heer wat Hy is, glo ek, het God eenvoudig teruggestaan. Hoe kan ons verwag dat God ons moet seën en ons moet beskerm wanneer ons daarop aandring dat Hy ons alleen moet laat?”

Wees gewillig om te LEER en om te DOEN!

Sal *u* gewillig wees om werklik die God van die Bybel te *gehoorsaam*?” Ons in hierdie

Werk probeer om op elke moontlike manier na u uit te reik om aan u *spesifieke bewyse* uit die Bybel te gee dat ons samelewing besig is om *ten gronde te gaan*, tensy ons ons opreg na die ware God wend en Sy gebooe gehoorsaam – *al tien van hulle!*

Waarom hou so baie verdraaide leiers in ons samelewing aan om te bly aandring op hierdie onsedelike en ongodelikke weë? Die apostel Paulus was geïnspireer om die antwoord te gee: “En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenning te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie” (Romeine 1:28).

Weereens, God het Paulus geïnspireer om aan ons te vertel **waarom** dit lyk of mense 'n afkeer het aan die ware God van die Bybel: “... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; *want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie*, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7).

Dink! Die God van die Bybel openbaar dat die normale, fisiese, wêreldse denke “vyandig gesind” is teenoor God, *omdat* mense nie hou van die idee van 'n *ware, werklike* God wat aan hulle *vertel wat hulle moet doen* nie! Dus sal hulle hul nie onderwerp aan die “Wet van God” nie. Hulle het dus vorendag gekom met verskillende vorms van sogenaamde “Christelike” leerstellings en gebruike – waarvan baie in *direkte teenstelling* is met die geopenbaarde leringe van Jesus

Christus en die *lewenswyse* wat Hy en die oorspronklike Apostels *geleef* en daardeur aan ons 'n voorbeeld gestel het.

Hierdie Werk is 'n voortsetting van die kragtige Werk wat God gevestig het deur Herbert W. en Loma D. Armstrong, so lank terug as 1931! 'n Aantal van ons leiers – myself ingeslote – het *direk* geleer aan die voete van mnr. Armstrong. Ons *ken* God se manier van lewe en ons het baie, baie profesieë wat mnr. Armstrong verduidelik het, in ons leeftyd vervuld gesien – tot in die fynste besonderhede! Ons weet dat die Bybel sê wat dit bedoel en *bedoel wat dit sê*.

Mag God u help om te *verstaan* wat ons verkondig namate u die Werk van die *Tomorrow's World*-beeldsendings en hierdie tydskrif volg! Ons kon seer sekerlik *baie meer* ondersteuners gehad het indien ons sou terugval na “hoofstroom” en die sagte, mooi dinge van hoofstroom Christelikheid verkondig het.

Ons het egter 'n ander manier gekies. God het ons **uit** hierdie huidige wêreld uit geroep en Hy gebruik ons as die “voorhoede” van die toekomstige Koninkryk of *Regering* van God wat op hierdie aarde gevestig gaan word deur Jesus Christus, binne die leeftyd van baie van u! *Dit kom regtig!* Die verskriklike tye van swaarkry gedurende die Groot Verdrukking – en daarna die Dag van die Here – sal baie gouer oor ons kom as wat baie besef.

Saam met ons kragtige boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, hoop ek dat baie van u ons ook sal nader om u **gratis** kopie van ons kragtige boekie, *Die Dier van Openbaring*, aan te vra. Ook vir diegene van u wat *werklik* gewillig is om die fisiese en geestelike ywer aan die dag te lê om te *leer* en te *groei* tot die volle begrip van ware Christelikheid en die “**uitweg om te ontkom**” in die moeilike jare wat voorlê, skryf asseblief in vir die **gratis** *Wêreld van Môre se Bybelstudiekursus*. Dit sal

werklik u oë open! Dit is nie 'n lys van ons eie opinies terwyl ons beweer dat “die Bybel so sê”, nie – ons toon u eerder, tot in die fynste besonderhede, die *spesifieke Skrifgedeeltes*, tesame met historiese verwysings en ander *feite* om u te help om werklik te *verstaan* en *aan uself te bewys* waaroor God se openbaring, die Heilige Bybel, alles gaan – en om u te help om te verstaan wat die **groot** doel is wat tans hier benede uitgewerk word!

Mag God u help om te *verstaan* – en **om te doen** – namate Amerika se mag en aansien voortgaan om agteruit te gaan, en namate die sedelikheid en lewenswyse van die Amerikaanse volk en die volke wat van die Britte afstam, voortsnel op hul afwaartse sleerit! Terwyl Hy van ons tye gepraat het, het Jesus Christus beveel: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). **WVW**

Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie!

Amerika se eindtydse vyand: Rusland of Duitsland?

Deur William Bowmer

“Geen uit-en-uit, volskaalse oorlog tussen Rusland en Amerika is geprofeteer nie. Die beroemde profesie van Esegïel 38 en 39 praat van 'n Russiese inval in Palestina, maar dit kom baie later en is nie teen die Amerikaanse kontinent gemik nie”.

The Plain Truth, Augustus 1950, bl. 2

“... die wêreld sal dronkgeslaan wees om Duitsland skielik te sien ontluik as 'n mag wat nooit deur Hitler geëwenaar kon word nie deur 'n unie van tien nasies in Europa, wat moontlik van die huidige marionette van Rusland sal insluit in 'n ontsaglike groot Verenigde State van Europa. Dit is verseker geprofeteer!”

The Plain Truth, August 1950, bl. 4

“Rusland mag Oos-Duitsland teruggee aan die Duitsers en sal gedwing word om afstand te doen van haar beheer oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en dele van Oostenryk om die unie van tien nasies te voltooi. Europa sal 'n vrye hand hê om Amerika en Brittanje te vernietig, soos geprofeteer”.

The Good News, April 1952, bl. 16

Soos mnr. Herbert W. Armstrong in die Augustus 1950 uitgawe van *The Plain Truth* geskryf het: “Bybelse profesieë openbaar die *algemene* rigting van wêreldgebeure” (bl. 2). Sekere besonderhede sal slegs heeltemal duidelik word wanneer die geprofeteerde tye vlak voor ons is. Die Skrif maak egter die algehele volgorde van eindtydse profetiese gebeure

duidelik, wat iets heeltemal anders is as wat die meeste selfverklaarde “profete” of selfs die wêreld se beste vooruitskouers voorstel, gebaseer op hul beperkte menslike begrip van wêreldgebeure.

Selfs sedert die tyd van die apostel Paulus het oorywerige Bybelstudente wat gesmag het na Christus se wederkoms “datums vasgestel” wat toe verkeerd was. Selfs die apostel Paulus, wat die opstanding tydens Christus se wederkoms korrek beskryf het, het verwag dat hy nog sou leef vir daardie gedenkwaardige gebeurtenis (1 Thessalonicense 4:15). Teen hierdie tyd behoort Christene al te geleer het dat ons “nie die dag, nog die uur” van Christus se wederkoms weet nie.

Die Skrif gee egter aan ons duidelike tekens waarvoor ons op die uitkyk moet wees (Mattheüs 24). Meer as 50 jaar gelede, tydens 'n tyd toe die meeste godsdiens- en politieke leiers slegs die potensiële botsing tussen die Verenigde State en die Sowjet-Unie raakgesien het, het hierdie Werk besef dat Bybelse profesieë die eindtydse fokus plaas op “Assirië” – Duitsland, nie Rusland nie – as die aggressor wat uiteindelik 'n einde sal maak aan die dominansie van die Amerikaners en die volke wat van die Britte afstam (sien Psalm 83:8, Jesaja 10:11). Werklik, diegene wat deesdae wêreldgebeure sien ontvou, besef dat die Skrif se “algehele panorama” van eindtydse profetiese volgorde steeds dieselfde bly, soos meer as 50 jaar gelede deur die bediening van mnr. Herbert W. Armstrong verduidelik, en wat ons in hierdie tydskrif voortsit. **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Die Helder Lyn

Deur Dexter B. Wakefield

Regslui beskryf die “helder lyn-reël” as 'n duidelike standaard, afgelei van objektiewe feite, wat geen ruimte laat vir dubbelsinnigheid of interpretasie nie. Anders as regulasies wat “balanserende toetse” behels, is 'n helder lyn-wet duidelik omskryf. “Was hy oor die ouderdom van 21?” “Was haar wetlike regte aan haar voorgelees?” Die helder lyn is 'n duidelike maatstaf van onderskeiding – mens is óf aan die een kant van die saak óf aan die ander kant.

God bepaal ook dikwels helder lyne van onderskeiding. Of dit nou die skeiding is van koring en onkruid, die korrels van die kaf of skape van bokke, God is heeltemal bevoeg om Sy mense te sorteer, dus die ganse heelal wat Hy geskape het.

Een van die baie “helder lyne” wat mense skei volgens die manier waarop hulle op God reageer, is hul gesindheid teenoor Sy woord – veral teenoor Sy geopenbaarde profesieë. Wanneer mense Bybelse profesieë sien gestalte aanneem, sal diegene wat nie “God in erkenning hou” nie (Romeine 1:28), baie anders reageer as diegene wat God se woord toelaat om hulle in te lig oor wat hulle waameem.

Hoe mense dink bepaal dikwels *wat* hulle dink. In die jare wat voorlê, namate meer en meer Bybelse profesieë gestalte aanneem, sal ons groot verskille sien in *hoe* die mense dink oor die dinge wat hulle waameem – wat

dan sal lei tot groot verskille in *wat* hulle dink en *doen* in reaksie op daardie dinge.

Jesus Christus sê dat die denke wat slegs ingelig word deur wêreldse menslike visie, *blind* is vir geestelike dinge – en dat daar dinge is wat slegs God kan openbaar. God openbaar dat die wêreld in duisternis verkeer, maar God se woord verlig dit vir ons – indien ons gewillig is om te sien.

Sommige mense verwerp wat God openbaar en aanvaar dat hulle *uitsluitlik* van die wêreld om hulle inligting ontvang. Andere word egter ook deur geloof ingelig – God se geopenbaarde kennis. Welke weg u ook alkies sal 'n *helder lyn* skep wat u sal uitsonder van ander mense in u reaksies op die toekomstige gebeure wat u sal waameem. **Hoe sal u reageer op profesieë wat gestalte aanneem?**

Daar mag 'n tyd kom – dalk gouer as wat u dink – wanneer u so 'n scenario onder oë sal moet sien. Stel u voor wat sal gebeur, indien – slegs indien – die bestendigheid in die Midde-Ooste nog verder versleg totdat die gevolglike oorlog en die gevolge daarvan (ingekorte energievoorsiening, vrese vir kernwapens en wêreldwye ekonomiese chaos) veroorsaak dat alle betrokke partye *dit* aanvaar wat vandag verwerp word as 'n “radikale” oplossing. Stel u voor dat, in ruil vir gebiedskonsessies en erkenning van 'n Palestynse staat, die

Arabiesse nasies Israel se reg om te bestaan erken. Verbeel u dat – in ruil daarvoor dat Arabiere toegelaat word om Oos-Jerusalem te beheer onder die beskerming van 'n internasionale vredesmag wat bestuur sal word uit Europa – Ortodokse Jode toegelaat sal word om hul antieke offers te hervat en moontlik selfs 'n tempel te bou.

Indien u al vir 'n geruime tyd 'n leser van die *Wêreld van Môre* is, sal u weet die Bybel voorspel 'n verstommende rol vir die stad van Jerusalem in eindtydse gebeure. Indien u egter nie van Bybelse profesieë geweet het nie en daar kom 'n tyd dat iemand aan u vertel dat 'n Israelse profeet die onlangse politieke gebeure duisende jare gelede voorspel het, wat sal u sê? Sou u sê: “Wel, dit is maar 'n blote toeval wat natuurlik ontwikkel het uit voort-slepende wêreldtoestande”? Of sou u vra: “Wat het God *nog* geprofeteer?”

Onlangse vervulde profesieë

Moderne Israel is die mees onwaarskynlikste van nasies. Terwyl hulle teruggedeins het vir die swaar belastinglas onder Koning Salomo se seun, Rehábeam, het die noordelike tienstamme in opstand gekom en 'n aparte koninkryk onder Jeróbeam (1 Konings 12) gevorm. As gevolg van hulle sondes het die noordelike koninkryk, wat die Bybel “die huis van Israel” noem, in ballingskap gegaan onder die Assiriërs (721 v.C.) en die suidelike koninkryk van Juda, wat bestaan het uit

Juda, die klein stam van Benjamin en 'n gedeelte van die Leviete, onder die heerskappy van die konings van Juda gelaat. Vervolgens het die afgodsdieneende koninkryk van Juda in Babiloniese ballingskap gegaan (604 v.C.), hulle gevolglik bekeer en na die heilige land teruggekeer (539 v.C.). Onder Romeinse heerskappy was hierdie nasie later bekend as Judea; en na Rome se vernietiging van die Joodse staat in 70 n.C. het die Diaspora van die Jode begin, wat hulle regdeur die bekende wêreld versprei het.

God sê egter dat die afstammeling van die antieke koninkryk van Juda, wat ons vandag ken as die Jode, na hulle land sal terugkeer en hulle plek “in die laaste dae” sal hervestig, die tyd net voor die wederkoms van die Messias. Kyk wat sê God oor hierdie tyd deur die profeet Sagaria, toe Juda in Babiloniese ballingskap was: “Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word. In dié dag, spreek die HERE, sal Ek al die perde met verwarring slaan en hulle ruiters met waansin; maar oor die huis van Juda sal Ek my oë oophou, terwyl Ek al die perde van die volke met blindheid slaan. Dan sal die stamhoofde van Juda in hulle hart sê: Die inwoners van

Jerusalem is vir my 'n sterkte deur die HERE van die leërs, hulle God. In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe – hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; *maar Jerusalem sal nog bewoond wees op sy plek in Jerusalem*” (Sagaria 12:2-6).

Dit het werklikwaar gebeur tydens ons leeftyd! Juda het teruggekeer na antieke Judea en Jerusalem herower, net soos so lank gelede geprofeteer was. In 'n reeks oorloë het Juda die omliggende vyandige nasies gebrand soos “'n brandende fakkel onder gerwe”, en dit is die *regeerders [stamhoofde] van Juda*, nie sy koning nie, wat hierdie verbranding doen. Die klein nasie van Israel word akkuraat beskryf as “'n pan met vuur onder 'n hoop hout”. Jerusalem is ook werklik 'n “baie swaar klip vir al die volke” en word by die jaar nog meer so.

Diegene wat egter nie glo dat God die mag het om die loop van die geskiedenis te voorspel nie, maak dit af as maar net die normale verloop van gebeure. Deeglik onderrig in die dogma dat hulle slegs ingelig kan word deur die fisiese wêreld en wat hulle daarvan kan aflei, kan hulle omtrent enigiets weg rasionaliseer. Vir hulle is daar geen God wat dinge kan openbaar wat hulle nie andersins te wete kan kom nie.

Die onwaarskynlike geval van Jerusalem

Waarom Jerusalem? Vandag mag dit as vanselfsprekend aanvaar word dat Jerusalem so 'n belangrike

plek in die wêreld is, eenvoudig omdat dit vir die laaste eeu so prominent in die nuus was. Waarom egter Jerusalem? As mens daaroor nadink, lyk dit of die stad 'n baie onwaarskynlike geskilpunt kan wees. Dit is nie op 'n belangrike handelsroete, soos die meeste ander groot wêreldstede nie. Sy ligging was bepaal deur die Fontein van Gihon in die Kidronvallei aan die voet van die ou stad. Jerusalem beskik oor geen groot natuurlike hulpbronne nie, anders as ander Midde-Oosterse stede soos Abu Dhabi. Dit het nie toegang tot die see nie, anders as Londen, Tokio, Buenos Aires, Kaapstad of selfs Haifa. Jerusalem se geografie is onopvallend; dit is op lae berge geleë, tussen die Middellandse See en die Jordaanriviervallei.

Jerusalem sit wydsbeen oor die belangrikste noord-suid invalstroete van die Midde-Ooste. Indien u 'n rustige plek soek, is Jerusalem nie daardie plek nie! Dit het 'n gewelddadige geskiedenis, beginnende as 'n dorpie van die Jebusiete wat Dawid in 'n strooptog verower het. Die koning het 'n nabygeleë dorsvloer gekoop, en sy seun – Koning Salomo – het 'n buitengewone tempel daar gebou. Sedert daardie tyd was niks meer dieselfde nie. Vir eeue, sedert die eerste Moslemse verowering, word daardie een klein flentertjie rots op die berg Moria oorheers deur die Rotskoepel-moskee. Nou, in ons dae, kyk Jode, Christene en Moslems almal na die stad as een van hulle heiligste plekke.

Waarom Jerusalem? Gaan daar iets aan wat die wêreld nie

kan sien nie? *Logies gesproke*, behoort dit nie so belangrik te wees nie, maar die Bybel verduidelik waarom moderne politieke gebeure wat Jerusalem raak, standhoudend is met profesieë van duisende jare gelede: **Die God van Abraham, Isak en Jakob het 'n antieke aanspraak op die stad.** Deur die profeet Sagaria openbaar God: “En die woord van die HERE van die leërskaare het gekom en gesê: So spreek die HERE van die leërskaare: Ek ywer oor Sion met 'n groot ywer, ja, Ek ywer met groot grimmigheid daarvoor. So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaare: Die heilige berg” (Sagaria 8:1-3).

Jerusalem, die terrein van Salomo se tempel en die geprofeteerde hoofkantoor van God se toekomstige Koninkryk hier op aarde, word begeer deur selfs diegene wat God teenstaan. Kyk wat die apostel Paulus skryf: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?” (2 Thessalonicense 2:3-5).

Hierdie antieke plek behoort aan die God van Abraham, Isak en Jakob – nogtans begeer iemand anders dit. Is dit moontlik

dat wêreldgebeure stadig besig is om te fokus op een klein stukkie rots op die lae berg bekend as Moria – of Sion – in die Midde-Ooste? Die Tempelberg in Jerusalem is geprofeteer om die oog van die storm te wees in toekomstige wêreldgebeure. Baie min mense in hierdie wêreld kan dit al insien, maar kan *ons* dit insien? Hoe gaan ons reageer op die werklike vervulling van die gebeure wat God voorspel het? **Word ons deur geloof ingelig?**

Die profeet Daniël het openbaar dat, in die dae wat lei tot die einde van hierdie tydperk, 'n groot leier sal opstaan en Jerusalem binne sal val. “... en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes ... En hy sal een week [7 jaar] lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week [3½ jaar] sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees...” (Daniël 9:26-27).

Hierdie heerser sal die heringestelde daaglikse offers vanaf die heilige plek wegneem. “En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal **die voortdurende offer afskaf** en die ontsettende gruwel opstel” (Daniël 11:31).

Dit is die tyd wanneer die Groot Verdrukking begin – wanneer die offers weggeneem sal word. Vir die offers om weggeneem te kan word, moet daar egter eers mee begin word, of dit nou ook al in 'n herboude Tempel of op 'n altaar op 'n heilige plek is! Is u bewus daarvan dat, vir die eerste maal

in bykans twee duisend jaar, groepe Jode besig is om voorbereidings te tref om weer met die antieke offers te begin? Die gereedskap word voorberei, die heilige klere word gemaak, priesters word geïdentifiseer en daar word selfs gepoog om die Sanhedrin weer ingestel te kry. Kan dit wees dat die Tempel reeds bestaan – hoewel slegs as los gedeeltes – gereed om aanmekaar gesit te word op die terrein waar dit was in Salomo se tyd (1 Konings 6:7)?

Boere teel selfs beeste in die hoop om die “rooi koei” wat nodig is vir die herwyding van die priesterskap, te kan voorsien (Numeri 19:1-10). Sonder hierdie wyding [heiligmaking] kan die offers nie gebring word nie – dus sal diegene wat eindtydse profetiese gebeure dophou, weet dat die slag van die rooi koei een van die eerste belangrikste mylpale is in hierdie finale opeenvolging van eindtydse gebeure.

Hoe gaan u reageer?

U reaksie gaan afhang van hoe ingelig u is – behou u God in erkenning, of nie? Dit maak 'n groot verskil in wat u in staat is om te sien. God sê dat die profete ons oë is. “Want die HERE het oor julle uitgegiet 'n gees van diepe slaap, en Hy het **julle oë – die profete – toegesluit** ... So het dan die gesig van al hierdie dinge vir julle geword soos die woorde van 'n verseelde boek ... En die Here het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is” (Jesaja 29:10-13).

Die apostel Paulus verduidelik dit verder: “En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenning te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie” (Romeine 1:28).

Party mense sê: “Ek sal wag totdat ek al hierdie dinge sien gebeur en dan sal ek begin om God te gehoorsaam”.

Volgens God se woord is diegene met hierdie gesindheid besig om hulle self te bedrieg. “... hy [die ongeregter] wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daed en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregterheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behaer gehad het in die ongeregterheid” (2 Thessalonicense 2:9-12).

Gedurende daardie tyd sal die ware Kerk van God erg vervolgt word. “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregterheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Matt. 24:9-13).

Onderhouding van God se wet en die glo van God se woord, sal 'n goeie begrip verleen aan daardie mense wat God in erkenning hou (Psalm 111:10). Daardie mense wat God egter nie in erkenning hou nie – hulle wat Sy geopenbaarde kennis verwerp – sal anders reageer as diegene wat dit aanvaar, en sal aan die ander kant van die **helder lyn** wees. Hulle sal vatbaar wees vir misleiding.

Die Bybel sê aan ons dat die wêreld sal optrek om te veg teen die hoop van die mensdom – die ware Messias, Jesus Christus. *Dit sal vir hulle lyk na die verstandige ding om te doen.* “Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog” (Sagaria 14:1-3).

Waar trek ons nou?

Indien u al lank die *Wêreld van Môre* lees, weet u dat ons lank reeds die Bybelse waarskuwing verkondig dat, namate die einde van hierdie tydperk nader, daar eers 'n finansiële en militêre ineenstorting van Amerika en Groot Brittanje sal wees. 'n Groot godsdienstige en politieke mag sal in Europa verrys – die herlewing van die Heilige

Romeinse Ryk – wat wonderbaarlike tekens sal verrig en groot dinge sal spreek. Met die seën van hierdie mag sal een of ander ooreenkoms aangegaan word wat die hervatting van die antieke Tempeloffers sal toelaat (met of sonder 'n volledige nuwe Tempelgebou). Wanneer daardie offers weer stopgesit word, sal dit die begin aandui van 'n 3½ jaar periode van groot verdrukking oor die hele wêreld en dit sal 'n toppunt bereik met Jesus Christus se wederkoms.

Die grootste deel van die wêreld sal hierdie verwickelinge afmaak as die natuurlike werkinge van gewone menslike politieke en militêre pogings. Hulle sal God se hand in dit wat gebeur ontken, en sal selfs teen Hom veg heel aan die einde van hierdie tydperk. Diegene wat deur God se woord ingelig is sal egter anders wees.

Hoe is u ingelig? Veronderstel u dat u slegs kan staatmaak op die fisiese wêreld om u – of aanvaar u die feit dat u ook ingelig kan word deur geloof – kennis deur God geopenbaar? Wanneer ons eers deur geloof ingelig is, moet ons daarvolgens *handel*. Christus sal die skape van die bokke skei – die koring van die kaf – Sy heiliges van die mense van die wêreld. Waar u is, hang grootliks daarvan af of u gewillig is om te glo wat God sê, en daarvolgens te *handel* terwyl u nog kan.

Jesus raai ons aan: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Luk. 21:36). *Sal u?* **WVMI**

Londen Roep

NKOSI SIKELEL' IAFRICA

Deur Rod King

Ek was vroeër verlede jaar, op die dag van hul nasionale verkiesing, in Suid-Afrika. Die uitslag was nie te betwyfel nie – die *African National Congress* (ANC) sou weer verkies word met 'n volstreekte meerderheid. Nogtans besef baie mense buite Suid-Afrika nie dat die ANC heelwat verander het sedert dit, in 1994, onder Nelson Mandela, bewind oorgeneem het van die “reënboognasie” nie.

Destyds het die Zoeloe volk – onder die banier van die *Inkhata Freedom Party* (IFP) – 'n werklike alternatief gebied. In verlede jaar se verkiesing egter, is Jacob Zuma – 'n Zoeloe leier wat wyd bemin word, ongeag die aanklagte van korrupsie en verkragting teen hom, wat eers onlangs herroep is – aan die stuur van die ANC en het die party se oorwinning verseker.

Baie volke as een

Uniek onder die nasionale embleme, bestaan Suid-Afrika se na-1994 vlag uit ses kleure – swart, wit, goud, groen, blou en rooierige-oranje. Die verskillende skakerings is veronderstel om die verskillende volke te verteenwoordig wat in hierdie ryk land aan die verste suidelike breedtegraad van die groot kontinent gevestig is.

Baie mense wat net die

nasie se moderne geskiedenis ken, besef nie dat die eerste setlaars in die Kaapse Kolonie wat vir die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie gewerk het, vir bykans 200 jaar feitlik geen swart Afrikaan gesien het nie. Behalwe vir 'n paar vroeëre skermutselings, het die Hollanders 'n vredeliewende bestaan gevoer in hul nuwe vaderland. Hulle sou baie meer probleme met die Britte ondervind as met die Bantoes.

Vir 'n onpartydige buite-stander mag dit lyk asof elkeen van die drie belangrikste spelers in Suid-Afrika se moderne geskiedenis, “sy dag in die son gehad” het. Die Britte, die Afrikaners en die inheemse Afrikane het elkeen die regeringsmantel gedra.

Dit is nie moeilik om te verstaan dat God elkeen van hierdie volke dop sou hou om te sien hoe elkeen van hulle mag kan hanteer – en in besonder hoe hulle hul mede Suid-Afrikaners sou behandel, nie. Per slot van rekening is dit Hy wat die perke stel van die tye en grense van die nasies se heerskappy (Handelinge 17:26). Dit is deur Sy wil dat konings regeer of val (Spreekw 8:15-16). Watter lesse kan ons leer uit die geskiedenis van hierdie pragtige, maar dikwels gekwelde land?

In die jare wat gevolg het nadat Jan van Riebeeck in 1652 in Suid-Afrika aan wal gestap het, het baie Hollanders – en later Franse Hugenote – hulle boerderij-tegnieke, beeste, skape en wingerdstokke na hul nuwe tuiste gebring. Hierdie vroeëre setlaars was 'n godsdienstige volk wat vas geglo het dat God aan hulle 'n nuwe land gegee het. (Om meer te leer oor God se hand in die geskiedenis van die moderne afstammeling van antieke Israel, vra asseblief om 'n kopie van ons boekie: *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*)

Gedurende dieselfde tyd, aan die oostekant, het Bantoe stamme – insluitende die Zoeloes – vanaf Zimbabwe suidwaarts migreer na die huidige gebied van KwaZulu Natal. Die Zoeloe leier, Shaka het, danksy sy meerdere militêre bekwaamheid, sy ryk uitgebrei tot in ander stamgebiede nadat hy die Zoeloes se bure tot onderdanigheid gedwing het.

In 1795 het die Britte die Kaap vir die Britse kroon geannekseer. Die Hollandse “Boere” (*boer* is Hollands vir 'n persoon wat op 'n plaas boer) kon nie die Britse teenwoordigheid verdra nie; en toe die Britse Ryk in 1833 die vrylating van alle slawe verklaar

het, het Boere "Trekkeers" ooswaarts beweeg in die gebied van die Oranje Vrystaat, waar hulle met Shaka se broer, Dingaan gebots het. Nadat die Zoeloe krygers die Boere se leier Piet Retief en sy makkers vermoor het, het die "Voortrekkeers" hul God belowe dat indien Hy aan hulle die oorwinning sou besorg, hulle Hom met 'n jaarlikse Geloftedag sou gedenk. Die seëvierende Boere het hulle egter nie lank in die nuwe land gevestig nie, of Britse setlaars het hulle probeer oorheers, op soek na goud en diamante. Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het gevolg, wat gelei het tot groot verdriet vir die Boere wat moes toesien hoe hul plase vernietig en hul gesinne vervolgd en in konsentrasie kampe gesit word. Baie het daar aan siektes gesterf en tot vandag toe koester party Afrikaners nog steeds 'n wrok teen die Britte.

Die Britse oorheersing het nie lank geduur nie; die Afrikaners het die volgende beurt gekry om mag uit te oefen. Onder Eerste Minister D.F. Malan, 'n uitgesproke kampvegter vir Afrikaanse nasionalisme, het die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom. Dit het Suid-Afrika se aanvanklike segregasie beleid uitgebrei tot wat later bekend gestaan het as "apartheid". Nie-blanke Suid-Afrikaners was onderworpe aan streng segregasie op alle gebiede van die lewe. Teen die sewentiger en tagtiger jare het internasionale veroordeling van hierdie beleide

gelei tot die Verenigde Nasies se sanksies, wat uiteindelik President F.W. de Klerk in 1990 sover gebring het om 'n einde te maak aan apartheid en verkiesings vir alle Suid-Afrikaners uit te roep.

Baie blanke Suid-Afrikaners het 'n teenreaksie van wraak vir die jare van apartheid verwag. Dit was dus 'n groot verrassing toe Nelson Mandela die Waarheids- en Versoeningskommissie ingestel het, met die vooropgestelde doel om ou vyande aan te moedig om die haat van die verlede te verwerk. Hierdie verpligte proses van selfondersoek het gehelp om 'n relatief vreedsame oorgang na meerderheids-regering in Suid-Afrika aan te help; en die nasie het in 1994 weer by die Verenigde Nasies aangesluit, na meer as 30 jaar van afsondering.

Sedertdien het Suid-Afrika baie ernstige probleme trotseer. Bykans een miljoen opgeleide blanke Suid-Afrikaners het die land verlaat vir ander Engelsprekende lande, 'n neiging wat verhaas word deur die regering se beleid om baie senior en verantwoordelike poste op die grondslag van ras toe te ken – 'n soort omgekeerde rassebeleid wat in vorige jare gebruik was om Blankes te bevoordeel. Sal hierdie beleidsrigtings lei tot 'n meer harmonieuse en suksesvolle gemeenskap vir almal? Onthou, God is nog besig om dop te hou, soos Hy voorheen die Britte en Afrikaners dopgehou het.

Dit kon egter baie erger gewees het. Anders as

Zimbabwe, die land se noordelike buurman, het Suid-Afrika oor die algemeen versigtig vorentoe beweeg, bewus daarvan dat ten einde voorspoed vir Swart Suid-Afrikaners te bewerkstellig, daar ruimte moet wees vir alle Suid-Afrikaners om hul produktiewe kundigheid te beoefen en om met oorsese maatskappye saam te werk. Tot op hierdie dag hou Afrikaanse- en Britse landbouers, wynboere en selfgeëmjoeerde besigheidslui, Suid-Afrika aan die gang, saam met hul swart landgenote.

Die groeiende Europese Unie hou Suid-Afrika dop. Duitsland, in die besonder, is begaan oor die nasie se strategiese mineraalneerslae. Dertig persent van die wêreld se titaanreserwes is in Suid-Afrika. Terwyl Brittanje en Amerika verder in ekonomiese verval wegsink, hoe lank sal dit duur voordat die Europese nasies – met wie Suid-Afrika lank reeds 'n ooreenkoms het – besluit om meer aggressief op te tree om met die toenemende belangrikheid van China op die Afrikaanse kontinent mee te ding?

Nkosi Sikelel' iAfrika

Spoedig na 'n nuwe vlag, het ook 'n nuwe nasionale volkslied gekom. Waar Suid-Afrika eers aan twee volksliedere – een in Xhosa en een in Afrikaans – vasgeklou het, deel die mense nou een. Hierdie land met 'n vlag van ses kleure, het nou 'n nasionale volkslied met

gedeeltes in elk van die land se vyf tale – Xhosa, Zoeloe, Sesotho, Afrikaans en Engels. Dit begin met die woorde van die negentiende eeuse Xhosa gesang, *Nkosi Sikelel' iAfrika* (“Here, seën Afrika”) en eindig met hierdie aangrypende woorde in Engels:

“Lord, we ask you to protect our nation.

Intervene and end all conflicts.

Let it be so, forever and ever”.

Wat hou die toekoms in vir Suid-Afrika? Sy volke het meer ontberings beleef as wat baie in die Engelssprekende wêreld ooit sal ondervind. Hulle het die mislukking van die een menslike regering na die ander ervaar. Meer as die meeste volke in die welvarende Weste, kan hulle met innige gevoel tot God uitroep: “Laat U koninkryk kom!”

(Mattheüs 6:10). Nogtans, ten spyte van die land se gekwelde geskiedenis, wag daar 'n glorieryke toekoms vir alle Suid-Afrikaners van elke kleur en agtergrond – en ook vir al die mense van die wêreld – wanneer Jesus Christus terugkeer. Om meer te leer oor hierdie wonderlike toekoms, bestel asseblief u gratis kopie van ons boekie, *The World Ahead: What Will it Be Like?* [W&M](#)

Vervolg vanaf bladsy 22 – Een klein treetjie...

5:5). Openbaring 2:26 beskryf die oorwinnaars wat oor nasies regeer. Die gelykenis van die ponde (Lukas 19:11-27) toon dat getroue Christene oor stede op hierdie aarde sal regeer. Selfs die Vader Self sal uiteindelik op die aarde woon nadat die Nuwe Jerusalem na die “nuwe aarde” neergedaal het (Openbaring 21:2-3).

Hoe sal lewe op die aarde egter wees vir opgewekte, verheerlikte wesens? Hulle sal inherente lewe hê – soos die opgewekte Jesus Christus, wat gesê het dat Hy aan ons die heerlijkheid sal gee wat Hy het (Johannes 17:22). Dit mag moeilik wees om te verstaan, maar die apostel Johannes het probeer om dit so goed hy kan, uit te druk: “Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien

soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Johannes 3:1-3).

Ons kan nog nie ten volle begryp hoe ons soos God die Vader of Jesus Christus sal wees nie, maar wanneer ons na die Skrif kyk, sien ons dat die opgestane Jesus Christus in staat was om “deur mure te loop” (Johannes 20:19). Hy was in staat om na willekeur te “verskyn of verdwyn” (Lukas 24:31, 36). Dit is soos *ons* sal wees! Soos die verheerlikte Jesus Christus, sal verheerlikte heiliges nie langer beperk wees deur die wette van fisika nie! Sal ons in staat wees om bokant die wolke te vlieg, die bevrore poolstreke te verken of om sonder duiktoerusting in die diepste oseane te duik? Die uiteindelige moontlikhede – met 'n geestelike liggaam en inherente geestelike lewe – is werklik verstommend!

Kyk wat het die apostel Paulus geskryf om ons toekomstige verandering tydens die opstanding te verduidelik; “Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel

nie almal ontslaap nie, maar **ons sal almal verander word**, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word” (1 Korinthiërs 15:51-52). Die apostel Paulus het verduidelik, in menslike terme, dat om in die geestelike ryk ingebore te word, beteken om 'n *geestelike liggaam te ontvang wat nie onderworpe sal wees aan die beperkings van die vlees nie!*

Een groot sprong vir die mensdom

Uit sy aard, is die menslike liggaam tans gebonde aan die aarde. God het ons planeet uniek en delikaat gebou om net reg te wees om menslike lewe te onderhou. Neem as voorbeeld, die temperatuur op die aarde se oppervlakte wissel met omtrent 150 grade – die presiese speling waarbinne menslike lewe kan bestaan. In teenstelling hiermee, wissel die speling in die res van die sonnestelsel tussen temperature van -459 grade

Hemel, Hel en die Opstanding

Deur Richard F. Ames

As prediker wat deur die jare begrafnisse gelei het, het ek baie weduwees, wewenaars en ander agterblywende gesinslede vertrous gesien deur die waarhede in hul Bybels – hulle weet God se woord belowe dat hulle geliefdes weer uit die dood opgewek sal word. Aan die ander kant het ek ook die geestelike wroeging gesien van diegene wat aanneem dat die “ongerede” gesinslid of vriend ewigdurende straf in die hel verduur.

In 2004 het die Gallup Organisasie hulle opname oor “Waardes en Oortuigings” vrygestel. Dit het openbaar dat 81% van die Amerikaners glo in 'n hemel en 70% in 'n hel. Oortuigings oor hemel en hel wissel egter aansienlik. Party mense ontleen hulle idees oor hemel en hel uit fiktiewe werke soos die Middeleeuse Italiaanse digter Dante se *Goddelike Komedie*, terwyl andere hul weer wend na wetenskaplike verhandelings oor “byna dood ondervindings”, vir leirade oor wat na die dood gebeur.

Lesers van die *Wêreld van Môre* weet dat ons opsien na God se woord vir die antwoorde op die lewe se mees basiese vrae. Wat sê u Bybel oor hemel en hel en oor die toekomstige hoop van diegene wat gesterf het? Die goeie nuus is dat die waarheid van die Skrif hoop kan

gee aan diegene wat bedrieg was deur *valse inligting* oor hemel en hel.

Hoop in die Opstanding

Tydens sy ondervraging deur die Sanhedrin, het die apostel Paulus die kern van sy geloof verduidelik. Terwyl hy die ware grondslag van sy *hoop* op 'n lewe na die dood verdedig het, het hy die *opstanding uit die dood* die sentrale punt gemaak: “En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die *hoop* en die *opstanding* van die dode staan ek voor die gereg” (Handelinge 23:6).

Het Paulus gesê dat hy hemel toe sou gaan wanneer hy sterf? Nee! Paulus het uitgesien na die opstanding uit die dood met Jesus Christus se wederkoms! Paulus het geskryf oor sy geloof in Christus en sy doel met die toekomstige opstanding: “... sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik” (Filippense 3:10-11).

So skokkend as wat dit mag klink vir diegene wat die wêreld

se gebruikelike begrip aangeneem het, leer die Bybel ons dat wanneer mense sterf, hulle *dood bly* tot en met die opstanding. Die *opstanding* is die hoop van ware Christene! Die apostel Paulus wou hê dat ons die *waarheid* oor die opstanding moes weet. Hy het geskryf: “Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die *ontslapenes* nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus *ontslaap* het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die *ontslapenes* hoegenaamd nie sal vóór wees nie” (1 Thessalonicense 4:13-15).

Paulus het ontslaap gebruik as 'n metafoor vir dood. U mag dalk dink: “Daar moet tog sekerlik 'n klompie sondaars wees wat op hierdie oomblik in 'n ewigbrandende helvuur gemartel word!” U mag verras wees om uit te vind dat die Bybel antwoord: *Baie beslis nie!*

Ja, soos ons later sal sien, verduidelik die Skrif dat onboetvaardige bese sondaars ná die Oordeeltyd van die Groot Wit Troon (Openbaring 20:14-15; 21:8), in die poel van vuur

gegooi sal word. U Bybel noem hierdie ewige straf (nie ewigdurende straf nie), die “tweede dood” – die finale dood waaruit daar geen opstanding sal wees nie. Wie gaan dan na daardie ewige straf, en wanneer? Soos ons later in hierdie artikel sal sien, het geen mens nog daardie straf ondergaan nie – en dit mag op veel minder mense van toepassing wees as wat u verwag!

Let daarop dat die apostel Paulus nie die Christene wat gesterf het, beskryf asof hulle aktief of lewendig in die hemel sou wees nie. Hulle slaap – is dood – totdat hulle met Christus se wederkoms opgewek sal word. Paulus skryf verder: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. *Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde*” (1 Thessalonicense 4:16-18).

Let daarop dat hierdie opstanding plaasvind “met die basuin” van God. Dit is die **laaste basuin**, die sewende basuin wat beskryf word in Openbaring (1 Korinthiërs 15:52; Openbaring 11:15). Let ook op: “... die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan”. Ware Christene wat gesterf het, sal nie opgewek word voor Christus se wederkoms nie!

Diegene van ons wat nog lewe tydens Christus se wederkoms, sal aansluit by daardie heiliges wat in die geloof gesterf het. Hulle sal uit die dood opgewek word om die beloofde gawe van ewige lewe te ontvang! Dit is waarna alle ware Christene vandag uitsien – die opstanding tot onsterflikheid met Christus se wederkoms!

Ja, die Skrif bevat baie verwysings na individuele opwekkings uit die dood na fisiese lewe, soos toe Christus Lasarus uit die dood opgewek het (Johannes 11:43). Die opstanding waarop die Christene hoop, is egter die opstanding tot onsterflikheid – die eerste van drie “algemene” opstandings wat in u Bybel beskryf word.

Wie is in die Hemel?

Waarheen sal Christene gaan nadat hulle opgewek is? Sal hulle die ewigheid in die hemel deurbring? Om te begin om hierdie vraag te beantwoord, behoort ons te vra: “Wie is nou in die hemel?” Wat van die helde van geloof wat vermeld word in Hebreërs 11, waarna dikwels as die “hoofstuk oor geloof” in u Bybel, verwys word? Indien *enig* van hulle in die hemel is, behoort dit tog sekerlik Koning Dawid te wees (want God noem hom in Handeling 13:22 “'n man na my hart”) – maar watsê u Bybel?

Op Pinksterdag in 31 n.C. het die apostel Petrus vir 'n groot skare gepreek. Nadat hy hulle van die Messias se opstanding uit die dood vertel het, verduidelik hy: “Broeders, ek

kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy *gestarf het en ook begrawe is*, en sy graf is by ons tot vandag toe” (Handeling 2:29). Om dit nog meer duidelik te maak, voeg hy by: “Want Dawid *het nie* in die hemel opgevaar nie” (vers 34).

Jesus het Self hierdie punt baie duidelik gemaak deur te sê: “En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, *naamlik* die Seun van die mens wat in die hemel is” (Johannes 3:13). Die apostel Johannes het hierdie stelling neergepen omtrent 60 jaar na Christus se dood en opstanding, dus het hy 'n parentetiese stelling aangaande sy Verlosser se woorde bygevoeg, “naamlik die seun van die mens wat in die hemel is”. Johannes se stelling bevestig dat toe hy sy Evangelie geskryf het in die middel 90s n.C., *slegs* Jesus Christus na die hemel opgevaar het!

Die Skrif openbaar dat die heiliges die aarde en “alle dinge” sal beërf – die heelal (Openbaring 21:7; Romeine 8:32)! Daardie erfenis sal egter *nie* gegee word voor die opstanding nie! Die Bybel toon duidelik dat dié wat dood is, dood bly tot en met die opstanding. Die idee dat mense met hul dood direk na die hemel of hel toe gaan, is gebaseer op die heidense leerstelling van die onsterflikheid van die siel, wat nie in u Bybel voorkom nie, maar wat ingebring is in die belydende Christendom namate dit deur die Romeinse Ryk versprei is en baie voormalige heidene hul ou leerstellings met hulle

saamgebring het na hul nuwe kerke!

Ons moet verstaan dat ons nie *gebore word met onsterflikheid* nie. Dit is 'n *gawe*, 'n *geskenk* van God! Onthou: “Want die loon van die sonde is die dood, maar die *genadegawe* van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23). Let daarop dat die Skrif *nie sê*, “die loon van die sonde is ewige lewe in die helse vuur” nie. Die loon van sonde is nie ewige lewe nie; dit is *dood* – die afwesigheid van lewe. Indien u reeds oor 'n onsterflike siel beskik, indien u alreeds ewige lewe het, dan benodig u dit nie as 'n *geskenk* van God nie. Ja, 'n siel kan sterf! Die profeet Esegïel herinner ons: “... die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Esegïel 18:4).

Die Hebreuse woord vir siel is *nephesh*, wat fisiese of natuurlike lewe beteken. In Genesis 2 verwys hierdie selfde woord *nephesh* ook na “al die lewende wesens” – na alle dierlike lewe, insluitende soogdiere, visse en voëls. Die Bybel leer ons wel dat daar 'n gees in die mens is (1 Korinthiërs 2:11; Job 32:8, 18). Hierdie menslike gees is egter nie 'n onsterflike siel nie.

Is die siel onsterflik? Jesus waarsku ons: “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die *siel* sowel as die liggaam kan *verderwe* [vernietig] in die hel” (Mattheüs 10:28). Ja, indien u u Bybel glo, moet u erken, God beskik oor die mag om die siel te vernietig!

Van watter “Hel” praat u?

Hierdie Skrifgedeelte gee aan ons ook die antwoord op 'n ander algemene vraag: “Waar is die hel?” Die woord vir “hel” wat Jesus in Mattheüs 10:28 gebruik het, was “Gehenna” – 'n benaming vir die Hinnomvallei, die brandende vullishoop net buite Jerusalem, waar afval verbrand en vernietig was. Dus, in 'n sekere sin, is “hel” die Hinnomvallei. Die einste woord “hel” kan egter baie misleidend wees, aangesien daar vier verskillende woorde is – drie in Grieks en een in Hebreus – wat in sommige Engelse Bybels as “hel” vertaal word. Elkeen van daardie woorde het 'n verskillende betekenis.

In die *King James Vertaling* en die *New King James Vertaling*, is die Hebreuse woord *sheol* wat dikwels as “hel” vertaal word – wat eenvoudig 'n “gat” of “graf” beteken. Dit beteken nie 'n plek van ewigbrandende vuur nie! Die woord *sheol* kom 65 keer voor in die Ou Testament, nogtans word dit in die *King James Vertaling* slegs 31 keer as “hel” vertaal! Dit word 31 keer as “graf” vertaal en drie maal as “gat”. Indien u in die *New International Vertaling* lees, sal u opmerk dat *sheol* nooit as “hel” vertaal word nie – dit gebruik eenvoudig die Bybelse en taalkundig korrekte woord: “graf”. [In die Ou sowel as die Nuwe Afrikaanse Vertalings, die Lewende Bybel en die Nuwe Lewende Vertaling, word die woord deurgaans as “dood” of “doderyk” vertaal.] Soos u dus kan sien, is *niemand* besig om in

sheol te brand nie!

U Nuwe Testament bevat drie Griekse woorde wat in Engels as “hel” vertaal is – *Gehenna*, *Hades* en *Tartarus* – nogtans het elkeen 'n heeltemal verskillende betekenis. Soos hierbo aangedui, beskryf *Gehenna* die vuur wat die siele van al die onboetvaardiges sal vernietig (Mattheüs 10:28), nie 'n plek waar siele vir ewig sal brand nie. Die Griekse woord *Hades*, net soos die Hebreuse woord *sheol*, beteken eenvoudig 'n “gat” of “graf”. Indien u die *New King James Vertaling* lees, sal u opmerk dat die woord *Hades* dikwels onvertaald gelaat is.

Die vierde Bybelse woord wat as “hel” vertaal is, is die Griekse woord *Tartarus*. Hierdie woord dui 'n toestand van inperking aan en volgens u Bybel het dit betrekking op gevalle engele, nie op sondige mense nie. Lees: “Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel [*Tartarus*] gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word” (2 Petrus 2:4).

Dus, soos u kan sien, deur die Engelse woord “hell” vir al vier woorde te gebruik, met hulle drie uiteenlopende betekenis, word die waarheid van u Bybel nie akkuraat oorgedra nie. Wanneer mense u dus oor die hel vra, behoort u hulle te vra om dit te omskryf: “Van watter ‘hel’ praat u nou eintlik?”

U mag nogtans wonder: “Wie gaan hel toe?” Is God onregverdig? Ons weet dat die naam van Jesus Christus die

enigste naam is waardeur enigiemand gered kan word (Handelinge 4:12). Dus, beteken dit dat diegene wat nog nooit die naam van Jesus Christus gehoor het nie, veroordeel is tot die ewige hel sonder enige fout aan hulle kant? Of het God verskillende standarde vir mense, afhangende daarvan of hulle al die naam van Jesus gehoor het of nie?

Die antwoord mag u verras, maar behoort u ook hoop te gee. God sal aan elke mens die geleentheid skenk om die ware Evangelie te hoor. Indien hulle daarop reageer, Jesus Christus se offer aanvaar en, met die hulp van die Heilige Gees, Sy geboorte gehoorsaam, sal hulle gered word. “Wat egter van die miljard mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit die Evangelie te hoor?” Die antwoord hierop word gevind in die boek van Openbaring, waarin 'n toekomstige tyd, bekend as die Oordeeltyd van die Groot Wit Troon, beskryf word.

Die “Boeke” sal geopen word

Vandag se Christene wat in die geloof sterf, of wat nog lewe tydens Jesus Christus se wederkoms, sal deel wees van die “eerste opstanding” en sal hul Redder en Koning bystaan wanneer Hy tydens die Millennium, wat binnekort hier sal wees, oor hierdie aarde gaan heers. Indien daar 'n “eerste opstanding” is (Openbaring 20:5), moet daar tog ook 'n tweede opstanding wees. Daardie tweede opstanding is die Oordeeltyd van die Groot Wit

Troon. Die Bybel beskryf dit so: “En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die *dode*, klein en groot, voor God sien *staan*, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke” (Openbaring 20:11-12).

Die Griekse woord vir “boeke” is *biblion*. Ja, ná die tweede opstanding sal die “boeke” – die Bybel – vir die eerste keer geopen word vir die begrip van die miljard mense wat voor die Millennium geleef en gesterf het sonder om ooit die ware Evangelie van Jesus Christus te hoor. Miljarde mense sal vir die eerste keer die geleentheid hê om die waarheid te leer ken – en hulle sal ook een besondere voorreg geniet wat ons nie vandag het nie, aangesien hulle die gevolge sal kan sien van wanneer die mensdom sy eie kop volg soos in ons huidige tyd, en dit sal kan vergelyk met die werklikheid van 'n wêreld wat deur Jesus Christus regeer word. Dit sal nie 'n “tweede kans” vir daardie mense wees nie; dit sal hul heel eerste geleentheid wees om die waarheid te verstaan, hulle van hul sondes te bekeer en Jesus Christus as hul Redder aan te neem.

Ongelukkig, selfs tydens die Oordeeltyd van die Groot Wit Troon, sal party mense God se genade en redding minag. Hulle sal weier om hulle van hul

sondes te bekeer en sal Christus se offer verwerp. God sal nie daardie rebelse mense dwing om Hom te gehoorsaam nie. Hy sal hulle vernietig in die poel van vuur. Uiteindelik sal diegene wat geleef en gesterf het terwyl hulle die waarheid geken het, maar dit verwerp het, opgewek word in 'n derde opstanding – die opstanding tot ewige straf deur dood (nie ewige lewe nie) in die poel van vuur. Ja, God is regverdig. Hy herinner ons: “My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here” (Hebreërs 10:30). Terwyl hulle voor die poel van vuur staan, sal die bose mense marteling ondergaan en dan sal hulle in die vuurpoel gegooi word om vir ewig opgebrand te word (Openbaring 21:8). Hulle sal nooit weer lewe nie. “Want die loon van die sonde is die dood [ewige dood] maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:23).

Daardie mense wat vandag deur God geroep word, het die ontsagwekkende geleentheid om met die eerste opstanding deel te word van Sy Gesin. Niemand hoef egter bevrees te wees dat ander mense hul geleentheid om gered te word, geweier sal word nie. Indien God nie die denke van u vriende of geliefdes geopen het nie, sal hulle hul beurt kry wanneer dit God pas. Indien God egter u denke open, behoort u nou daarop te reageer om dan die wonderlike beloning te ontvang wat Hy vir u gereed gemaak het!

WvM

“Een klein treetjie vir die mens...”

Deur Rod McNair

Wat is ons plek in die heelal op die 40ste herdenking van die mens se eerste tree op die maan? Sal ons ooit die heelal “verower”?

Namate die aftelling zero nader, dreun die Saturnus V vuurpyl-engin tot lewe. Die vurige rook borrel omhoog en vir 'n oomblik lyk dit of dit die klein ruimtetuigie bo-op die vuurpyl heeltemal omvou. Terwyl die rook opklaar, styg Apollo 11 stadig en grasieus op in die helder lug van Florida. Dit is 9:32 vm. (EDT) op 16 Julie 1969. Gretige toeskouers het van die grond af gekyk by die Kennedy Ruimtesentrum en ander uit hul sitkamers reg oor die wêreld, totdat die 363 voet [± 111 m] lange skip wat drie Amerikaners vervoer, in die lugruim verdwyn.

Binne twaalf minute was die bemanning in 'n wentelbaan om die aarde. Drie dae later het die moedige verkenners om die maan gesirkel. Op die volgende dag, 20 Julie 1969, was 500 miljoen paar oë vasgenael op televisieskerms reg oor die wêreld om 'n gebeurtenis dop te hou wat party mense beskou het as 'n meer belangrike mylpaal as die eerste vaart oor die Atlantiese Oseaan of die bou van die piramides in Egipte.

Ruimtevaarder Neil Armstrong het sy nou bekende woorde geuiter toe sy voet die fyn stof van die aarde se enigste natuurlike satelliet, raak: “Dit is een klein treetjie vir die mens, 'n groot sprong vir die mensdom”. Hulle het die beskutting van hul

maanlandingstuig, “Eagle”, verlaat en Armstrong en sy mede ruimtevaarder Edwin “Buzz” Aldrin het die eerste twee menslike wesens geword wat ooit op die maan geloop het.

Veertig jaar later – op die 40ste herdenking van die eerste maanlanding – wat is die toekoms van bemande ruimtevaart? Het ons die ruimte oorwin? Sal ons ooit? Sal menslike wesens ooit regtig “daar buite” in die buitenste ruim leef? Glo dit as u wil, *u Bybel het die antwoorde*.

Hoe dit begin het

Op 4 Oktober 1957 het die Sowjet Unie Sputnik, die eerste mensgemaakte voorwerp gelanseer om om die aarde te wentel. Toe die Amerikaanse President John F. Kennedy in 1961 besef het watter politieke en militêre kwessies betrokke is, het hy sy nasie verbind aan die doelwit om teen die einde van die dekade 'n man op die maan te plaas.

Die begeerte na ruimtevaart het egter nie in die jare na die Tweede Wêreldoorlog begin nie. Skrywer Tom Crouch herinner ons aan die woorde van astronoom Johannes Kepler, wat in die sestende eeu geskryf het: “Daar sal sekerlik geen tekort wees aan menslike pioniers

wanneer ons die kuns van vlieg bemeester het nie ... Laat ons vaartuie en seile ontwikkel wat aangepas is by die hemelse lugruim, en daar sal baie mense wees wat onbevrees is vir die leë ruimtes ...” (*Aiming for the Stars: The Dreamers and Doers of the Space Age*, bl. 10).

Die beste denkers van die verlede kon slegs 'n denkbeeld vorm – ietwat verbeeldingryk – oor hoe reise buite die aarde se atmosfeer moontlik kan wees. Soos skrywer Ron Miller dit beskryf: “In 1638 het skrywer Francis Godwin beskryf hoe hy na die Maan gedra is deur ganse ... In 1657 het skrywer Cyrano de Bergerac die gek geskeer met Maanvaart stories deur sy held in 'n vuurpyl te lanseer ... In 1865 het skrywer Jules Verne sy ruimtevaarders met 'n reuse kanon na die maan geskiet” (*Space Exploration*, bl. 6).

Namate die wêreld die 20ste eeu betree het, het hierdie drome in werklikheid begin verander. As 'n jong seun het Dr. Werner Von Braun gedroom oor interplanitêre reise. Skrywer Michael Neufeld vertel hoe Von Braun se verbeelding gaande gemaak is deur 'n artikel in 'n sterrekundige tydskrif wat “'n denkbeeldige vaart na die maan beskryf het ... Dit het my met 'n romantiese drang gevul. Interplanitêre reise! Hier was 'n taak werd om 'n mens

se lewe aan te wy! Nie om slegs maar na die maan en planete te staar nie, maar om deur die hemele te sweef en werklik die geheimsinnige heelal te verken! Ek het geweet hoe Columbus gevoel het” (*Von Braun: Dreamer of Space, Engineer of War*, bl. 4). Von Braun sou later, na die oorlog, vir die Amerikaanse ruimteprogram werk en 'n noemenswaardige rol speel in die Apollo projek.

'n Belangrike deurbraak vir ruimtevaart het in Oktober 1942 gekom. By die Baltiese kUSDorp, Peenemunde, het Duitsland sy eerste supersoniese vuurpyl getoets. Projekbestuurder Walter Dornberger het aan die groep mense wat vir die dag saamgekom het, gesê: “Ons is die eerste om aan 'n vuurpyl die spoed van 3,300 myl [5,280 km] per uur te gee”. Hy het bygevoeg: “Ons vuurpyl het vandag byna die hoogte van 60 myl [96 km] bereik. **Ons het die ruimte binnegedring met ons vuurpyl; ons het bewys dat vuurpyl-aandrywing prakties is vir ruimtevaart ...**” (*Countdown: A History of Space Flight*, T.A. Heppenheimer).

Sewe-en-twintig jaar later, op die dag toe Armstrong en Aldrin op die maan geloop het, het President Richard Nixon hulle vanuit die Ovaalkantoor gebel. Wat het hy gesê? “Hierdie behoort sekerlik die mees historiese telefoonoproep ooit te wees”. Die President het vervolg: “As gevolg van wat julle gedoen het, **het die hemele 'n deel van die mens se wêreld geword**” (*The Image Empire: A History of Broadcasting in the United States From 1953*, Erik Barnouw, bl. 328).

Ja, ons het die hemele “binnegedring” – die ruimte om die aarde *het* 'n gereelde deel van ons wêreld geword. In die laaste vier dekades is duisende satelliete in die aarde se atmosfeer gelanseer deur Amerika, Rusland, Japan, Frankryk, Indië, Israel, Australië, die Verenigde Koninkryk, die ERA (Europese Ruimte Agentskap) en China. Al hierdie “ruimteverkeer” het baie gevaarlike rommel in die wentelbane gelaat, waarvan party soms teen duisende kilometers per uur beweeg, met die potensiaal om geweldige skade aan ander satelliete en bemande ruimtetuie te berokken. Dit is een rede waarom die wêreld verontrus was toe China in Januarie 2007 een van hul verouderde Fengyun weersatelliete neergeskiet het. Die ontploffing het “'n haelstorm van gevaarlike wentelrommel” vrygelaat wat ander satelliete en wentelende vaartuie nog meer bedreig (“Space Wars”, *Scientific American*, Maart 2008, bl. 79).

Om die “buitaruimtelike verkeer” te vererger, mag lugrederye se handelsvliegtuie binnekort hul passasiers hoër neem as wat hulle dit ooit tevore gedoen het! Die Duitse ruimte-agentskap DLR ontwikkel tans 'n “Ruimtetuig” wat “14,000 myl [22,400 km] per uur sal vlieg en 50 passasiers deur die ruimte van New York na Sydney kan vervoer in minder as 90 minute” (“Hypersonic Commercial Flight: 2050”, *Popular Science*, Mei 2009, bl. 38). Dit is maar een van verskeie vaartuie waar sitplekke al bespreek word teen pryse so h o o g a s \$ 2 0 0 , 0 0 0

[±R1,500,000] enmeer!

Realisties gesproke, is dit so ver as wat mans en vroue ooit sal reis? Of is dit onvermydelik dat menslike wesens eendag die maan, planete en selfs verder as dit sal koloniseer? Is dit ons bestemming?

Na die Maan – en selfs verder?

Die begeerte om buite in die ruimte te wees – om die buitenste ruim te gaan verken – kan nie ontken word nie. Dit is natuurlik dat menslike wesens wil sien wat agter die horison lê – selfs wanneer daardie horison tussen sterre mag wees! John Logsdon, direkteur van die Instituut vir Ruimtelike Beleid by die George Washington Universiteit, het gesê: “Dit gaan nie primêr oor wetenskap nie ... **Dit is om die opvatting te toets dat menslike wesens bestem is om op ander plekke, buiten die aarde, te leef**” (“Lunar Living”, *Smithsonian*, Julie 2008, bl. 19).

Die probleem is – menslike wesens is nie geskape vir ruimtevaart nie! Dit is 'n ooglopende hindernis vir werklike ruimte verkenning. Selfs om na die maan te reis – 'n relatiewe kort afstand van “slegs” omtrent 238,000 myl [380,800 km] – lewer skrikwekkende en dodelike probleme op. Ruimtevaarder Michael Collins herroep die gedagtes wat deur sy kop geflits het toe hy gereed gemaak het om Apollo 11 op 16 Julie 1969 te bestyg. Hy onthou dat hy sy kans op sukses bereken het – of selfs oorlewing: “Ek dink dat ons ter nouernood sal ontsnap, of ten minste dat ek naelskraap

sal ontsnap, maar ek kon nie meer as 'n gelykop kans gee vir 'n suksesvolle landing en terugvaart nie. Daar is net te veel dinge wat kon verkeerd loop. Fred Haise, [die bystand ruimtevaarder wat die skakelaarposisies van die beheermodule nagegaan het] het deur 'n kontrolelys van 417 stappe lank gegaan” (*Apollo Expeditions to the Moon*, edited by Edgar M. Cortright, NASA SP; 350, Washington, DC).

Dink net daaraan! Die 30 Apollo ruimtevaarders wat uiteindelik om die maan gewentel het en die twaalf maanwandelaars wat daarop geland het, het vir jare geoefen, en is noukeurig voorberei vir elke gebeurlikheid. 'n Fout kon hul dood en die dood van hul mede ruimtevaarders beteken het! Ruimtevaarder Aldrin het geskryf in sy dagboek dat aangesien die laagste trappie van die maanmodule 3½ voet [’n bietjie meer as 'n meter] bokant die oppervlakte van die maan was, moes hulle geduldig in hul bonkige oorpakke oefen om die trappe op en af te klim – anders kon hul vind dat hulle nie weer kan terugklim nadat hulle maanverkenning afgehandel was nie!

Mans en vroue het hul lewens gewaag – en opgeoffer – om die ruimte te verken. Die pendeltuie Challenger en Columbia het in 1986 en 2003 verlore geraak in tragiese ongelukke waarin almal aan boord dood is. Apollo 13 se ruimtevaarders het ter nouer nood aan die dood ontkom nadat 'n suurstofsilinder ontplof en hul toerusting beskadig het. Die

ruimtevaarders op Apollo 14 het ook net-net 'n tragiese einde vrygespring. Tydens hulle maanwandeling het hulle amper verdwaal!

Selfs al sou die omgewing in die ruimte nie inherent vyandig wees teenoor lewende, asemhalende wesens nie, maak die geweldige afstande wat betrokke is in interstellêre ruimtevaart, dit onrealisties vir ons met ons huidige tegnologie. Kenners sê dat 'n rit na Mars slegs 'n paar maande kan duur (een rigting). Wat egter van reise buite ons sonnestelsel? Die naaste ster is Proxima Centauri, 4.2 ligjare weg. Teen die spoed van ons huidige ruimtetuie – 17,500 myl [28,000 km] per uur – sal dit verkenners meer as 160,000 jaar neem om die naaste ster te bereik. Daar is eenvoudig net nie genoeg tyd in menslike lewens om hierdie soort ruimtelike verkenning te onderneem nie!

Om te gaan waar Een Man voorheen gegaan het!

Is menslike wesens bestem om op ander planete, uitgesonderd die aarde te leef? Sal verafgeleë sterrestelsels eendag deel wees van u wêreld? God bied aan Sy gehoorsame kinders ewige lewe, sonder die grense en beperkings van menslike asemhaling! Daar is werklik 'n “geweldige gaping” tussen fisiese menslikheid en die geestelike ryk. Jesus beskryf dit in die gelykenis van Lazarus en die ryk man. In hierdie gelykenis neem Jesus ons honderde jare in die toekoms in. Hy gee aan ons 'n vlugtige blik

van 'n toekomstige gebeurlikheid wanneer Abraham, (teen daardie tyd, na die opstanding, 'n geestelike wese) met 'n slegte man praat nadat hy opgewek is tot fisiese lewe in die Groot Wit Troon Oordeel (Openbaring 20:11-15) en wag om in die poel van vuur gewerp te word na 'n leeftyd waarin hy God se lewensweg verwerp het. In hierdie toekomstige gebeurlikheid sê Abraham aan die man: “En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n **groot kloof gevestig**, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie” (Lukas 16:26).

Waarvan het Jesus gepraat? Hy het verduidelik dat, ná die opstanding, daar 'n geweldige groot kloof sal wees tussen die geestelike wêreld en die fisiese wêreld. Die gehoorsames sal met Christus se Wederkoms opgewek word tot *geestelike lewe* – om vir ewig te lewe. Die ongehoorsame, opstandige en onboetvaardige mense sal egter opgewek word tot 'n opstanding van veroordeling, om in die poel van vuur gewerp te word (Johannes 5:28-29). Die groot kloof is vasgestel tussen diegene wat opgewek is tot geestelik lewe en diegene wat tot die dood veroordeel is.

Die Bybel toon dat dit die mensdom se lotsbestemming is om, as verheerlikte Geestelike wesens, die aarde te beërwe. Die Skrif beskryf Abraham as “erfgenaar van die wêreld” (Romeine 4:13). Christus het geleer dat die sagmoediges die aarde sal beërwe (Mattheüs

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Indien God almagtig is, waarom laat Hy Satan toe om die “god van hierdie wêreld” te wees (2 Korinthiërs 4:4)?

ANTWOORD: Die Skrif maak dit duidelik dat die duiwel – Satan – tans in beheer is van die planeet Aarde. Selfs Jesus Christus Self het kort voor Sy arrestasie en kruisiging, Satan se gesag erken: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die *owerste van hierdie wêreld* kom en het aan My niks nie” (Johannes 14:30).

Hoe oefen die duiwel sy heerskappy uit? Hy beïnvloed wêreldgebeure deur sy bese idees in die denke van mense te plaas, baie soos 'n televisiesender sy sein in die lug uitsaai om opgevang te word in mense se huise. Hierdie vergelyking kan ons help verstaan waarom die Bybel van Satan praat as “die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander” (Efesiërs 2:2-3).

Was daar nog altyd 'n Satan? Nee! God het 'n magtige en beeldskone aartsengel genaamd Lucifer, geskape wat – saam met Migaël en Gabriël – gedien het by God se troon in die hemel. Waarom het hierdie Lucifer (Latyns vir “ligbringer” of “môrester”) geval en Satan (Hebreeus vir “aanklaer” of “teenstander”) geword? U kan hieroor lees in Esegïël 28:12-19 en Lukas 10:18.

Lucifer en 'n derde van die engele (Openbaring 12:3-4) het in opstand gekom teen hul Skepper en was neergewerp van God se teenwoordigheid (verse 7-9). Lucifer en sy engele was klaarblyklik die taak opgedra om die aarde voor te berei vir sy deel in God se plan vir die mensdom. Ongelukkig met die rol wat God aan hom opgedra het, hethierdie magtige aartsengel 'n onsuksesvolle opstand gelei teen God die Vader en die Woord (Lukas 10:18; Jesaja 14-15).

Satan het gefaal in sy opstand, maar hy het in die amp wat God aan hom gegee het aangebly waar hy, ironies genoeg, steeds gebruik word in God se plan. U sien, mense spandeer 6,000 jaar lank hul lewens volgens hulle eie manier, beïnvloed deur Satan se gees van selfsugtigheid en boosheid. Hulle is besig om met hul eie bloed, sweet en tranes die geskiedenis te skryf van hoe dit is om in ongehoorsaamheid aan God se weg te

leef.

Die Woord – Jesus Christus – het 'n bietjie meer as 2,000 jaar gelede na die aarde gekom as 'n mens. Deur Sy lewe volmaak te leef – totaal gevul deur die Heilige Gees – het Hy gedemonstreer dat, met God se hulp, mense in gehoorsaamheid aan God kan leef en Satan se lewenswyse kan verwerp (Galasiërs 2:20).

Dit is deur Jesus Christus dat Satan se heerskappy op die aarde binnekort sal eindig. Dit is waarom die duiwel slegs die “god van hierdie wêreld” of “hierdie tydperk”, genoem word. Daar kom spoedig 'n tydperk wanneer Jesus Christus Satan sal vervang as heerser oor hierdie wêreld. Ons noem daardie tydperk die “Millennium” of die “Duisendjarige Vrederyk”. Jesus Christus, wat na hierdie aarde gekom het as 'n mens en 'n volmaakte, sondelose lewe geleef het, sal weer kom as Koning en sal Satan sy heerskappy ontnem.

Wat kan ons doen om die bese uitwerking van Satan se heerskappy te ontkom, aangesien die Millennium nog nie hier is nie? Diegene wat Jesus Christus se offer aanvaar kan, deur die krag van die Heilige Gees, *nou* reeds onder die gesag van God se regering kom en die krag ontvang om Satan se invloed in hul lewens te weerstaan. “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!” (Jakobus 4:7-8).

God is besig om te kyk wie Jesus Christus gehoorsaam en wie hul oorgegee het aan boosheid. “Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?” (1 Petrus 4:17-18).

Wanneer die Vredevors terugkeer om Sy regering oor die nasies te vestig, sal Satan se heerskappy eindig. “Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word” (Johannes 12:31). Mag God daardie dag bespoedig! **WVW**

Profesie neem

'n Honger na die Woord?

Die 21ste eeu het begin met 'n wêreldwye oplewing van godsdiens wat wêreldse leiers en geleerdes verras het. Fundamentalistiese godsdienstige bewegings versprei in Afrika, China, Rusland en Suid-Amerika. Die Rooms-Katolieke Pous, Benedict XVI, het gepraat oor die "her-evangelisering" van Europa. In Noord-Amerika floreer "terug-na-die-Bybel"-kerke, terwyl liberale "hoofstroom" kerke baie lidmate verloor. Voorstanders van 'n "intelligente ontwerp" betwis die evolusieteorie in die klaskamers en howe. Dit alles maak baie Bybelgelowiges deesdae opgewonde. Die Bybel sê egter dat daar 'n "honger ... om die woorde van die HERE te hoor" sal wees, namate ons die einde van hierdie tydvak nader. Hoe kan so 'n "honger" ontstaan gelyktydig met 'n oplewing van godsdiens? Die antwoord word gevind in wat die Bybel openbaar oor godsdiens aan die einde van hierdie tydvak – in profesieë wat vandag *gestalte aanneem!*

Geestelike hongersnood lê voor

God het die profeet Amos geïnspireer om te boekstaaf: "Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na

brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie" (Amos 8:11-12). Hierdie profesie verwys na 'n tyd wanneer die "einde ... vir my volk Israel gekom" het (Amos 8:2), en dit het 'n tweeledige toepassing op sowel die antieke nasie van Israel as die hedendaagse nasies wat van antieke Israel afstam. 'n "Honger" na die hoor van die waarheid het voorgekom toe die nasies van Israel oorgeneem was deur 'n vreemde mag wat die verkondiging en beoefening van die ware Bybelse geloof verbied het. Dit het ongeveer 720 v.C. gebeur toe die Assiriërs die noordelike tien stamme van Israel in ballingskap weggevoer het. Dit sal weer gedurende die Groot Verdrukking gebeur wanneer die hedendaagse afstammeling van antieke Israel gestraf sal word vir hulle sondes (Mattheüs 24:9; Hosea 5:5; Jeremia 22:5-9).

Die profeet Daniël verduidelik hoe hierdie "honger" na die hoor van die waarheid in die laaste dae gaan plaasvind. Daniël het in 'n toekomsblik 'n "klein horinkie" gesien wat die laaste sewe herlewings van die Romeinse Ryk (die vierde dier; sien Daniël 7:7-8, 19-20)

oorheers het. Hierdie klein horinkie sou 'n vooraanstaande godsdienstige figuur (en sy kerk) wees, wat lasterlike leerstellings, wat die Skrif weerspreek, sal verkondig. Hierdie "horinkie" sou daaraan werk om die kalender van godsdienstige voorskrifte te verander, en sou diegene wat die Skrif navolg, vervolg (Daniël 7:21, 24-25).

Die geskiedenis boekstaaf dat die biskoppe van Rome voorgesit het in die rade wat die weeklikse dag van aanbidding verander het vanaf die Bybelse Sabbat (die dag wat deur Jesus, Sy dissipels en die Christene in die apostoliese era onderhou is; sien Lukas 4:16; Handeling 13:42-44; 16:11-13; 17:2), na Sondag. Heidense sonaanbidders het alreeds Sondag onderhou; een rede vir die verandering was dat dit makliker sou wees vir die heidene om tot hierdie nuwe vorm van "Christelikheid" te bekeer. Op 'n soortgelyke manier is die Bybelse Pasga vervang deur Paasfees (Engels "Easter"), en die vieringe van die winter sonstilstand [25 Desember] was "verchristelik" om heidene in die kerk in te trek. Die Romeinse wet het hierdie kerklike besluite ondersteun om nie-Bybelse leerstellings en praktyke in die naam van "Christelikheid" te aanvaar. Die pousdom het in die afgelope

gestalte aan

paar jare Sondag as 'n dag van aanbidding herbeklemtoon, en het daarop aangedring dat Europese wette Sondag wetlik vaslê as 'n vakansiedag. Sodanige wette kan in die toekoms aktief gebruik word om onderhouding van die Bybelse Sabbat te ontmoedig en om gelykvormigheid in Sondag-onderhouding te bevorder.

Daniël het ook in 'n toekomsblik 'n ander "klein horing" gesien wat sal veroorsaak dat die daaglikse offers in die tempel in Jerusalem gestaak word en dat "die waarheid op die grond neergewerp" sal word (Daniël 8:8-14). Hierdie tweeledige profesie is aanvanklik vervul deur Antiochus Epiphanes toe hy Jerusalem in 168 v.C. verwoes, 'n standbeeld van Zeus in die tempel opgerig en varkbloed op die altaar geoffer het – 'n groot belediging vir die Joodse volk. Antiochus het druk uitgeoefen op die Joodse priesters om hulle godsdienstige praktyke te kompromitteer en die proses van vergrieksing te aanvaar. Die *Expositor's Bible Commentary*, in sy uitleg van Daniël 8:11-12, stel dit dat Antiochus se dade 'n voorafskaduwing is van "'n besliste poging wat deur 'n onverbiddelike diktator aangewend gaan word om Bybelse geloof heeltemal te onderdruk" aan die einde van

hierdie tydvak, en wat gaan probeer om godsdienstige eenvormigheid daar te stel.

Daniël profeteer, na nog 'n ander toekomsblik, dat 'n magtige eindtydse leier wat bande sal hê met 'n herleefde Romeinse stelsel, 'n sewe-jarige verbond gaan sluit wat die Joodse volk aanvanklik sal toelaat om weer voort te gaan met offers, "en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou" (Daniël 9:26-27). Hierdie verbond sal begin as 'n teken van godsdienstige verdraagsaamheid, maar na drie-en-'n-half jaar sal "alle skyn van godsdienstige verdraagsaamheid laat vaar word" namate hierdie heerser sal probeer om gelykvormigheid met 'n verdorwe godsdiens af te dwing (*Expositor's Bible Commentary*). Hierdie invloedryke eindtydse godsdienstige leier, en sy pogings om ware Bybelse godsdiens te onderdruk en te vernietig, word duidelik verbind aan die handeling van vals leraars aan die einde van hierdie tydvak (Daniël 12:11; Mattheüs 24:3, 11, 15; Openbaring 17:1-5).

Nuwe-Testamentiese begrippe

Die Nuwe Testament verskaf sleutelbegrippe oor

eindtydse gebeure wat sal bydra tot "'n honger ... om die woorde van die Here te hoor". Jesus sê van die jare wat Sy wederkoms direk sal voorafgaan: "Want baie sal onder my Naam kom ... en hulle sal baie mense mislei" (Mattheüs 24:5). Vals leraars sal preek oor 'n ander Jesus en 'n ander evangelie verkondig, wat die Skrifte sal weerspreek (2 Korintiërs 11:1-4). Moet nie deur hierdie vals Jesus en die ander evangelie mislei word nie! Jesus, Sy Apostels en die Kerk wat Hy gestig het, het 'n sewendedag Sabbat onderhou (vanaf sononder Vrydag tot sononder Saterdag), en het die jaarlikse Bybelse Heilige Dae onderhou. Geskiedkundige bronne en die Bybel self bevestig dat Jesus nie op 25 Desember gebore is nie. Die Bybel stel dit dat niemand behalwe Jesus na die hemel opgevaar het nie (Handelinge 2:29, 34; Johannes 3:13). Mense is nie geskape om na die hemel te gaan, op wolke te sit en harpe te bespeel nie, maar eerder om op hierdie aarde saam met Jesus Christus in die toekomstige Koninkryk van God te heers (Mattheüs 19:28; Openbaring 1:6; 5:10; Daniël 2:44-45; 7:27). Hierdie feitelike Bybelse inligting sal aan die einde van die tydvak onderdruk word, omdat dit sal bots met tradisionele oortuigings wat bevorder word deur die

godsdienstige sisteem wat die wêreld dan sal oorheers.

Die Bybel dui aan dat, namate ons die einde van hierdie tydvak nader, militante godsdienstige werksaamhede sal toeneem (Openbaring 6:1-2). In die laaste dae sal mense “n gedaante van godsaligheid” hê, maar dit sal nie onwrikbaar op die Skrifte gebaseer wees nie (2 Timotheüs 3:1-5; 4:1-4). 'n Invloedryke godsdienstige persoon sal bonatuurlike magte gebruik om mense leuens te laat glo, en sal die waarheid onderdruk (2

Thessalonicense 2:1-12). Vals leraars sal “verderflike ketterye heimlik ... invoer” en die spot dryf met Bybelse leerstellings en sleg praat van die waarheid terwyl hulle die Skrif verdraai om hulle verkeerde idees te ondersteun (2 Petrus 2:1-3; 3:1-18). Hierdie klimaat van openbare opinie, wat krities is oor en wegdoen met ware Bybelse Christelikheid, is vandag besig om te ontwikkel. Dit sal 'n hoogtepunt bereik in 'n poging om ware Bybelse leringe te vernietig – 'n poging wat gelei

sal word deur 'n magtige godsdienstige figuur wat verbind sal wees aan 'n herlewing van die Romeinse stelsel in Europa. Dit is noodsaaklik dat ons verstaan waarheen wêreldgebeure vandag lei, dat ons “die HERE [soek] terwyl Hy nog te vinde is” (Jesaja 55:6) omdat 'n tydperk van donkerte aan die kom is (Johannes 9:4) – en daarmee saam kom “n honger ... om die woorde van die Here te hoor”.

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 15 – Een klein treetjie...

Fahrenheit (-273 grade Celsius) aan die donker kant van die interplanitêre ruimte na meer as 27 miljoen grade Fahrenheit (15 miljoen grade Celsius) by die son se kern (lees “Energy in the Universe”, *Scientific American*, September 1971, bl. 59). Die temperature in die grootste deel van die sonnestelsel is eenvoudig onherbergsaam vir menslike verkenning sonder spesiale lewensonderhoudende toerusting.

Wesens met liggame van gees is egter toegerus vir 'n hele nuwe wêreld van moontlikhede vir verkenning en ontdekking! Terwyl die aarde bestem is om die mens se tuiste te wees, gee die Skrif aan ons 'n vlugtige blik van opwindende ruimtevaart moontlikhede in die toekoms. Die outeur van Hebreërs het geskryf: “U het hom [die mens] 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlijkheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel

...” (Hebreërs 2:7-8). Dit beskryf die huidige rol van die mens om die aarde te bestuur en te regeer.

Dan gaan hy egter verder om die fokus uit te brei: “Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat **alle dinge** aan hom onderwerp is nie” (laaste deel, vers 8). Die Griekse frase wat vertaal word as “alle dinge” sou die ganse heelal insluit. Soos die *Jamieson, Faucet* en *Brown* kommentaar uitwys: “Aangesien daar geen beperking is in die heilige Skrifte nie, moet die “alle dinge” die hemelse sowel as die dinge insluit”. Niks in die geskape heelal sal noodwendig uitgesluit wees van ons heerskappy of regering nie. God wil aan menslike wesens die geleentheid gee om nie net op die aarde te leef en te heers nie, maar oor die ganse heelal!

Wanneer ons nadink oor die afgelopen prestasies van die mensdom se ruimteprogram,

word ons vervul met bewondering vir die dapper manne en vroue wat die stukrag was agter die menslike strewe. Wanneer ons egter die menslike prestasies waardeer, word ons pynlik herinner aan ons beperkings. Dit boesem ontsag by ons in dat God aan ons 'n manier gegee het om oor die groot kloof te spring wat ons van Hom skei! Terwyl hy opgekyk het na die hemele, het Koning Dawid gepeins: “As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?” (Psalm 8:4-5). Laat ons God dank vir die aanbod van die ontsagwekkende geskenk van ewige lewe. As ons ons aan Hom onderwerp en aan Hom gehoorsaam is, sal ons, met die opstanding, die verstommende geleentheid hê om “een groot sprong vir die mensdom” te neem tot in die werklike Gesin van God!

W&M

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

die vors van Griekeland. Nogtans sal ek jou te kenne gee wat geskrywe is in die boek van die waarheid; en daar is nie een wat hom saam met my dapper gedra teen hulle nie, behalwe julle vors Migael” (verse 20-21).

Ja, God se getroue engel moes “veg” met die “vors van die Perse” – duidelik een van die *geestelike demone* wat God toegelaat het om verskeie koninkryke gedurende daardie tyd te beïnvloed.

Kan ons dit betwyfel dat *verskeie soortgelyke gebeure* vandag agter die skerms plaasvind? Die mense van hierdie nasie – en die meeste van ons Westerse nasies – is besig om sterk beïnvloed te word deur geestelike wesens! Miljoene word so heftig teen God se weë gedraai dat hulle **woedend is** – op 'n heeltemal ongekende manier – teenoor selfs diegene wat sou opstaan vir tradisionele sienings van die huwelik, die gesin en ander histories goedgekeurde instellings.

Dit voer alles terug na die goddelike **wet** van die Almagtige God – die Tien Gebooie. Mense het *hul nou* die bevoegdheid aangematig om *self* te besluit *wat* “reg” en *wat* “verkeerd” is. Die Ewige God wat *baie werklik* is – en wat alreeds begin het om soos nog nooit tevore in menslike sake in te gryp – het **nie** aan hulle enige sodanige reg gegee nie! Van die begin tot die einde van u Bybel *veroordeel* God baie kragtig homoseksuele gedrag. Hy veroordeel ook owerspel en hoerery – en baie ander vieslike gebruike wat vandag meer en meer goedgekeur word. In die Nuwe Testament was die apostel Paulus geïnspireer om aan ons te vertel: “Of weet julle nie dat die onregverdige die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensers of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie” (1 Korinthiërs 6:9-10).

Hoekom probeer mense so hard om weg te doen met die begrip van 'n *werklike* God, 'n God met gesag wat die wêreld regeer en wat in menslike sake ingryp? Terwyl ek groot geword

het, het een van die welbekende filosowe en “intellektueles” die volgende bekentenis gemaak: “Vir myself, soos ongetwyfeld vir die meeste van my tydgenote, is die filosofie van sinloosheid hoofsaaklik 'n middel tot bevryding. Die bevryding wat ons verlang het was 'n gelyktydige bevryding van 'n sekere politieke en ekonomiese stelsel en bevryding van 'n sekere stelsel van sedelike gedrag. *Ons het beswaar gemaak teen die moraliteit omdat dit inmeng met ons seksuele vryheid* ... Daar was een uitstekende en eenvoudige manier om hierdie mense te verwar en ons terselfdertyd te regverdig in ons politieke en erotiese opstand: *Ons kon ontken dat die wêreld hoegenaamd enige doel het*” (Aldous Huxley, *Ends and Means*, bl. 270).

Sien u?

Hierdie sogenaamde “intellektueles” – nou toenemend *in beheer* van ons hele lewenswyse – selfs in ons besighede en banke – het die basiese begrip hierbo vertolk! Hulle glo **nie** in die God van die Bybel nie! Dit is so eenvoudig soos dit. Enige sodanige geloof en agting vir die geïnspireerde Bybel word verwerp omdat “dit inmeng met ons seksuele vryheid” – om Huxley se opmerking te omskryf. Natuurlik dra ander ydelhede en die hebsug na geld en mag ook tot die vergelyking by.

Indien u egter persoonlik, die spesifieke profesieë wat aandui dat daar 'n “Groot Verdrukking” oor ons mense sal kom indien ons ons nie bekeer nie, wil ontduik, dan moet u *persoonlik aan uself bewys* dat daar 'n baie “werklike” God is en begin om daardie God te **gehoorsaam**, aangesien Satan se plan vinnig momentum kry in Amerika en die ander Engelssprekende nasies! Slegs 'n paar maande gelede was daar net *een* staat in Amerika wat sogenaamde “dieselfde-geslag huwelike” toegelaat het. Nou, met Maine [’n staat in Amerika] se wetgewing wat onlangs hierdie praktyk goedgekeur het, lyk dit asof **vyf** state wil begin om hierdie gruwel toe te laat. Met die media wat nou koersagtig 'n storm van protes en selfs smerigheid aanwakker teen enige persoon wat

hierdie golf van sedeloosheid teenstaan, verwag ek dat dit nie meer lank sal duur voordat die meeste van ons Amerikaanse state gaan toelaat dat mans met mans en vrouens met vrouens trou nie!

Indien u werklik die motiewe en metodes van hierdie mense verstaan – wat in hulle *eie geskrifte* openbaar word – dan sal u verstaan dat hulle binnekort ook “groepseks” en “drietal” huwelike tussen een man en twee vroue of twee mans en een vrou; of “groephuwelike” gaan inbring. Hulle gaan ook toelaat dat sogenaamde “man-seun liefdesverhoudings” voortgaan, uiteindelik ook *bestialiteit* goedkeur en byna elke skandelike praktyk wat deur mense uitgedink kan word onder die invloed van die verdraaide verstand van Satan die duiwel.

Dit is **werklik**.

My vriende, *dit* is waarheen ons op pad is, **indien** ons ons nie bekeer en terugkeer na die

wette van die Almagtige God as ons standaard van gedrag nie. Mag God *u* help om te verstaan, en *te handel*, voordat dit te laat is. Die donkerte oorval ons vinniger as wat baie van u besef. Soos die apostel Paulus dit stel: “Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die ligaangord” (Romeine 13:12).

Indien u verdere hulp benodig om die bestaan van 'n ware God en die inspirasie van Sy woord **te bewys**, skryf asseblief *aan ons* of *skakel ons* vandag en vra vir u *gratis* kopie van ons werklik bewusmakende boekie, *Die Bybel: Feit of Fiksie?* Maak ook seker dat u ons baie insiggewende en besielende boekie, *Die Tien Gebooie*, aanvra.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880

of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus